

I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
N  
E  
K  
R  
A  
G  
N  
A  
V  
O  
R  
S  
I  
N  
G  
I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
N  
E  
K  
R  
A  
G  
N  
A  
V  
O  
R  
S  
I  
N  
G  
I  
N  
S  
T  
I  
T  
U  
T  
E  
F  
O  
R  
M  
A  
N  
N  
E  
K  
R  
A  
G  
N  
A  
V  
O  
R  
S  
I  
N  
G

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING



HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL

# NAVORSINGSBEVINDING

\*

# RESEARCH FINDING

DIE VERBAND TUSSEN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE  
PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE  
PRESTASIE

001.3072068 HSRC  
MLN 46

Klasnr./Class No.	Registrernr./No.
001.3072068 HSR MN 46	49432/1

**RGN**

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

**BIBLIOTEEK  
LIBRARY**

**HSRC**

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL

0494021



RGN-BIBLIOTEEK  
HSRC LIBRARY

AVORSING

VERVALDATUM/DATE DUE

3 0 OCT 1981	IBL		
1988-10-31			
1989-08-10			
ILL			
04 9978			
95/6/80			
Teng			
18/8/95			

DIE VERBANC


KAPPE EN SKOLASTIESE  
PRESTASIE

hage, M.A., D.Phil.

MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

PRETORIA  
1977



Navorsingsbevinding Nr. M-N-46

ISBN 0 86965 424 1



Prys : R1,35

2844363866



## VOORWOORD

Een van die sekondêre doelstellings met Projek Talentopname is die identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van die land se mannekragpotensiaal beïnvloed.

Daar word dus aanvaar dat 'n groot aantal faktore en/of omstandighede leerlinge en groepe leerlinge se ontwikkeling beïnvloed en dat die beïnvloeding verskillend is vir verskillende leerlinge of groepe.

Hierdie ondersoek het ten doel gehad om minstens ten opsigte van sekere leerlinge na te gaan wat die verband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie is.

Die statistiese bewerkings vir hierdie ondersoek is gedoen deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing, terwyl die taalkundige versorging en proefleeswerk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste behartig is.

  
PRESIDENT  
Junie 1977 



## ERKENNING

Die gegewens wat in die navorsing waaroor hierdie verslag handel, gebruik is, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se Blanke mannekragpotensiaal is, en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Talentopname is onderneem met die samewerking van al die onderwysdepartemente vir Blankes van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en van die verenigings van kerk- en privaatskole.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, voormalige President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UOVS, en dr. A.B. Fourie, tans verbonde aan die Departement van Bantoe-onderwys. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, en dr. W.L. Roos, Assistent-direkteur van die Instituut vir Mannekragnavorsing. Die meetinstrumente wat in Talentopname se drie groot toetsprogramme op standerd ses-, agt-, en tien-vlak gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is.

Gedurende die beplanningstadium en met die toepassing van die toetsprogramme is Talentopname se personeel bygestaan deur 'n advieskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die onderwysdepartemente van die RSA en SWA, verenigings van kerk- en privaat-skole en die Nasionale Onderwysraad. Hierdie komitee is gedurende 1973 ontbind en die funksies daarvan is deur die Advieskomitee vir Mannekragnavorsing oorgeneem.

Talentopname geskied in noue samewerking met die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing wat verantwoordelik is vir die masjinale verwerking en opberging van alle Talentopnamegegewens. Vir laasgenoemde word die Departement van Nasionale Opvoeding se IBM-optiese leser en rekenaar gebruik.

Met dank word ook verwys na die meer as duisend persone, meesal onderwysers, wat by skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het en na personele van die afdelings sielkundige en voorligtingsdienste van die onderwysdepartemente, wat toetsafnemers opgelei het en 'n belangrike skakel in die organisasie van die toetsprogramme was. Ten slotte sou die uiteindelijke sukses van Talentopname nie moontlik gewees het sonder die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat daarby betrokke was nie.



## INHOUD

	BLADSY
OPSOMMING	ii
HOOFSTUK	
1 INLEIDING EN DOELSTELLING	1
1.1 Agtergrond	1
1.2 Navorsingsraamwerk	1
1.3 Faktore wat verband hou met skolastiese prestasie	1
1.4 Probleemstelling	3
1.5 Doel met die ondersoek	4
2 METODE VAN ONDERSOEK	5
2.1 Agtergrond van hierdie ondersoek: Projek Talentopnametoetsprogramme	5
2.2 Die ondersoekgroepe	5
2.3 Meetmiddels	6
2.4 Statistiese bewerkings	9
3 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE KORTTERMYNVERBAND TUSSEN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE	10
3.1 Verbande van die seuns- en meisiegroepe gesamentlik en afsonderlik	10
3.2 Verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroepe	20
4 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE LANGTERMYNVERBAND TUSSEN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE	22
4.1 Verbande van die seuns- en meisiegroepe	22
4.2 Verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroepe	29
5 GEVOLGTREKKINGS	31
5.1 Die verbande van die seuns- en meisiegroepe	31
5.2 Verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroepe	33
6 SAMEVATTING	35
6.1 Inleiding	35
6.2 Doel	35
6.3 Metode van ondersoek	35
6.4 Bevindings	36
6.5 Gevolgtrekkings	39
BIBLIOGRAFIE	40



## OPSOMMING

In hierdie ondersoek is die kort- en langtermynverband tussen 'n verskeidenheid nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op verskillende standerdvlakke ten opsigte van leerlinge in gewone provinsiale Afrikaansmediumskole in die Kaapprovinsie, nagevors.

Bevindings van die ondersoek dui daarop dat die kort- en langtermynverband tussen 'n verskeidenheid nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe van 'n lae orde is.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN DOELSTELLING

### 1.1 AGTERGROND

Projek Talentopname, een van die grootste langtermynnavorsingsprojekte wat nog ooit op die gebied van die onderwys in die Republiek van Suid-Afrika onderneem is, is gedurende 1965 van stapel gestuur.

Die breë doelstelling met Talentopname is om 'n antwoord te vind op die vraag WAT IS ONS LAND SE BLANKE MANNEKRAGPOTENSIAAL? en om gegewens beskikbaar te stel om hierdie potensiaal TOT DIE MAKSIMUM TE LAAT ONTWIKKEL. Uit hierdie breë doelstelling volg die volgende afsonderlike doelstellings, naamlik -

- (a) om 'n raming van die Blanke mannekragspotensiaal van die Republiek te verkry;
- (b) die bepaling of identifisering van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van die mannekragspotensiaal beïnvloed;
- (c) die ontwikkeling van geldige en betroubare sielkundige toetse (en ander hulpmiddels) wat nodig is vir die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys;
- (d) die bestudering van begaafdheid en die identifisering van begaafdes, en
- (e) om die leerlinge wat aan die ondersoek deelgeneem het, soveel moontlik voordeel uit hul deelname te laat trek.

Die doelstellings en eksperimentele opset van Talentopname, waaronder andere 'n breë navorsingsraamwerk aangedui word, word volledig in die eerste Talentopnameverslag (Verhoef en Roos, 1970) uiteengesit.

Ter inleiding tot hierdie verslag word die navorsingsraamwerk ten opsigte van navorsing wat betrekking het op die bepaling van faktore en/of omstandighede wat die maksimale ontwikkeling van leerlinge beïnvloed, kortliks herhaal.

### 1.2 NAVORSINGSRAAMWERK

Die raamwerk vir navorsing wat op hierdie terrein beoog word, handel basies oor die bepaling van die verband tussen verskillende faktore en/of omstandighede en skolas-tiese en akademiese prestasie, met insluiting van die onderlinge verband tussen faktore en met inagneming van die individuele verskille tussen leerlinge of verskille tussen groepe leerlinge.

Hoewel die begrip maksimale ontwikkeling nie omskryf is nie, beweer Roos en Verhoef (1970) dat skolastiese en akademiese prestasie as kriteria vir ontwikkeling beskou word. Aangesien daar in die Republiek geen sprake van verowering van 'n plek op hoërskool of universiteit of enige ander opleidingsinrigting is nie, blyk dit dus in hoë mate geregtig te wees om skolastiese en akademiese prestasie as kriteria vir (of maatstaf van) "ontwikkeling" te beskou.

Hierdie navorsingsraamwerk gaan gevolglik uit van die veronderstelling dat verskeie faktore en/of omstandighede van wisselende aard in meerder of mindere mate met skolastiese prestasie verband hou en dat die mate van verband verskillend is vir verskillende leerlinge of groepe leerlinge, wat heeltemal tereg uit 'n bestudering van die wetenskaplike literatuur bevestig word.

### 1.3 FAKTORE WAT VERBAND HOU MET SKOLASTIESE PRESTASIE

Dit is 'n truisme in die gedragswetenskappe dat gedrag 'n funksie van persoonlikheid en omstandighede is. In een of ander vorm vind dié idee vergestaltung in die mees-tede hedendaagse teorieë oor gedrag, wat deur Cattell (1965, p. 28) voorgestel word deur die formule:

$$R = f(S, P)$$

waar

R = responsie of gedrag

f = funksie

S = situasie of omstandighede

P = persoonlikheid

Die veronderstelling dat skolastiese prestasie – as 'n spesifieke vorm van gedrag of spesifieke gedragsmanifestasie – verband hou met verskillende faktore en/of omstandighede volg dus logies uit die voorgenoemde en word ook deur navorsing bevestig. Dog min ondersoek het beide aspekte van die veronderstelling in berekening gebring (Lavin, 1965).

Die vroegste navorsing het hoofsaaklik op intellektuele faktore gekonsentreer. Geleidelik het daar egter 'n verskuiwing in benadering plaasgevind namate gevind is dat hoewel intellektuele faktore 'n middelmatige positiewe verband met skolastiese prestasie toon, hulle slegs gemiddeld 25 persent van die variansie van skolastiese prestasie verklaar. Ten einde verklarings vir die oorblywende persentasie van die variansie van skolastiese prestasie (berustend op die aanname van die totale variansie van skolastiese prestasie van 100 persent) te vind, is al hoe meer aandag aan nie-intellektuele faktore, veral persoonlikheidseienskappe, geskenk. Dié benadering berus op die uitgangspunt dat skolastiese prestasie nie alleen 'n funksie van "capacity factors" is nie, maar ook deur "dispositional factors", dit wil sê nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe, medebepaal word. In reaksie op die bovermelde konsentrasie op intra-persoonlike faktore het meer onlangse navorsing inter-persoonlike nie-intellektuele faktore soos sosiologiese, demografiese en ekologiese eienskappe betrek. Die heel jongste navorsing word gekenmerk deur die bepaling van die verband tussen beide persoonlikheid en situasionele faktore (Lavin, 1965).

Dit het gebruiklik geword om faktore wat verband hou met skolastiese prestasie in drie kategorieë te verdeel, naamlik –

(a) intellektuele faktore soos intelligensie en aanleg;

(b) nie-intellektuele faktore soos nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe (aanpassing, belangstelling, houdings, persoonlikheidstreke, prestasie-motivering, studie-oriëntasie en waardes), biografiese, demografiese, ekologiese en sosiologiese eienskappe, en

(c) situasionele faktore.

Aangesien nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe in hierdie verslag betrek word, word 'n samevatting van die tendense ten opsigte van navorsing oor dié eienskappe, wat hoofsaaklik op oorsese navorsing betrekking het, kortliks verskaf.

Samevattend kan die volgende verklaar word:

(i) Aanpassing in die algemeen en persoonlike, huislike, sosiale en formele aanpassing in die besonder toon lae positiewe verbande met skolastiese prestasie.

(ii) Geen standhoudende gevolgtrekkings oor die verband tussen onderskeidelik belangstelling en waardes en skolastiese prestasie, weens die bestaan van 'n minimale hoeveelheid ondersoek, kan gemaak word nie.

(iii) Houdings, uit oorsese ondersoek, toon lae positiewe verbande met skolastiese prestasie, terwyl 'n aantal plaaslike ondersoek geen verband toon nie.

(iv) Indien Cattell (1965) se klassifikasie van persoonlikheidstreke as basis vir die aanduiding van tendense geneem word, die oppervlaktetreke angst en ekstraversie lae negatiewe verbande en die grondtrekke hartlikheid, egosterkte, pligsgetrouheid, selfgenoegsaamheid, selfbeheersing en gespannenheid lae positiewe verbande met skolastiese prestasie toon. Die grondtrekke prikkelbaarheid en vrees toon, uit enkele oorsese ondersoek, lae negatiewe verbande met skolastiese prestasie. Die grondtrekke selfhandhawing, entoesiasme, avontuurlustigheid en passiewe individualisme toon blykbaar geen verband met skolastiese prestasie nie, alhoewel enkele plaaslike ondersoek lae positiewe of negatiewe verbande vir die een geslagsgroep en geen verband vir die ander geslagsgroep ten opsigte van dieselfde trek uitwys.

Ten opsigte van die oppervlaktetrek anges blyk dit dat meisies oor die algemeen 'n hoër negatiewe verband met skolastiese prestasie as seuns toon.

(v) Prestasiemotivering en studieoriëntasie (waarvan studiegewoontes en -houdings die twee basiese komponente is) lae positiewe verbande met skolastiese prestasie toon.

Weens die feit dat bovermelde samevatting die tendense ten opsigte van navorsing met dié eienskappe genoegsaam illustreer, word 'n literatuuroorsig nie in hierdie verslag onderneem nie. Waar toepaslik sal die bevindings van ander ondersoeke in verband gebring word met die bevindings van die huidige ondersoek.

#### 1.4 PROBLEEMSTELLING

In die lig van die feit dat intellektuele faktore, soos reeds vermeld, slegs gemiddeld 25 persent bydra tot skolastiese prestasie (Ackermann, 1973; Cattell, 1965; Naylor, 1972) sowel as Cattell (1965) se vermelding dat persoonlikheidsfaktore inderdaad net soveel bydra tot skolastiese prestasie, is dit opvallend dat daar in Suid-Afrika nog min navorsing uitgevoer is om die verband tussen nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op hoërskoolvlak te bepaal.

Waar sulke ondersoeke wel uitgevoer is, is hoofsaaklik van die korrelasiemethode gebruik gemaak om die verband tussen spesifieke houdings (Verwey, 1972), die persoonlikheidstrekke anges en ekstraversie (Madge, 1971) en studieoriëntasie (Du Toit, 1970) en skolastiese prestasie te ondersoek. In die ondersoeke van Engelbrecht (1973, 1974) is van die kousaal-vergelykende metode (Borg, 1965) gebruik gemaak om die verband tussen 'n verskeidenheid nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie van intellektueel bogemiddelde leerlinge te bepaal. Verder kan afleidings oor die verband tussen spesifieke nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie gemaak word uit ondersoeke wat nie eksplisiet met die bepaling van die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie gemoeid was nie (Heubsch, 1972; Laubscher, 1973; Roos, 1973; Strydom, 1970; Van Niekerk, 1972).

Ten die agtergrond van die reeds vermelde tendens ten opsigte van navorsing oor die verband tussen nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie kan die primêre probleem wat in dié ondersoek betrek word, soos volg geformuleer word:

Wat is die verband tussen aanpassing, persoonlikheidstrekke, prestasiemotivering, studieoriëntasie en skolastiese prestasie?

Ten einde enersyds 'n komprehensiewe beeld van dié nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe se bydrae tot skolastiese prestasie op hoërskoolvlak te bekom en andersyds die voorspellingsmoontlikhede van dié eienskappe vir die kort- en langtermynvoorspelling van skolastiese prestasie te ondersoek, kan die primêre probleem wat in hierdie ondersoek betrek word, soos volg gespesifiseer word:

Wat is die kort- en langtermynverband tussen dié nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op verskillende standerdvlakke?

Met die korttermynverband word bedoel die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses-, agt- en tien-vlak, dit wil sê die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie binne standerds terwyl die langtermynverband betrekking het op die verband tussen dié eienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak, oftewel die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie tussen standerds.

In aansluiting by die reeds vermelde veronderstelling oor die variabiliteit van die verband tussen faktore en skolastiese prestasie tussen verskillende leerlinge of groepe leerlinge, waarvan tewens verskille tussen seuns en meisies uit die reeds vermelde tendense ten opsigte van navorsing in dié verband blyk, kan die sekondêre probleem wat in dié ondersoek betrek word, soos volg geformuleer word:

Verskil seuns en meisies ten opsigte van die verband tussen dié nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie?

Belangstelling in die verband tussen dié nie-intellektuele persoonlikheids-eienskappe en skolastiese prestasie het beide diagnostiese en potensiële prognostiese waarde. Die diagnostiese waarde is geleë in die uitbreiding van die bestaande bevindings, kennis en insigte oor die bydrae van dié eienskappe tot skolastiese prestasie, of breër gestel die ontwikkeling van leerlinge (par. 1.2), en die oorsake van swak skolastiese prestasie, dit wil sê die onvoldoende ontwikkeling van leerlinge. Daarenteen is die prognostiese waarde geleë in die potensiële voorspellingswaarde van dié eienskappe vir die voorspelling van skolastiese prestasie, dit wil sê die ontwikkeling van leerlinge.

#### 1.5 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met die ondersoek is die bepaling van die kort- en langtermynverbande tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheids-eienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses-, agt- en tien-vlak en die bepaling van verskille tussen die geslagsgroepe ten opsigte van die verbande, met die oog op die beskikbaarstelling van inligting oor onderskeidelik die kort- en langtermynbydrae en potensiële voorspellingswaarde van dié eienskappe tot skolastiese prestasie en vir die kort- en langtermynvoorspelling van skolastiese prestasie.

Die nie-intellektuele persoonlikheids-eienskappe wat betrek is, sluit aanpassing, persoonlikheidstrekke, prestasie-motivering en studieoriëntasie in.

## HOOFSTUK 2

### METODE VAN ONDERSOEK

#### 2.1 AGTERGROND VAN HIERDIE ONDERSOEK: PROJEK TALENTOPNAMETOETSPROGRAMME

Projek Talentopname het in 1965 'n aanvang geneem toe al die Blanke standerd ses-leerlinge (69 908) in gewone skole in die Republiek en Suidwes-Afrika aan 'n omvattende battery toetse en vraelyste onderwerp is. Gegewens insake eksamenpunte, skoolverwisseling en skoolverlating ten opsigte van dié leerlinge is ook ingewin. Na hierdie leerlinge word verwys as die universum van standerd ses-leerlinge.

Van die 69 908 leerlinge is 46 711 in 1967 hertoets. Die ander 23 197 het in-tussen òf gedruip òf die skool òf die land verlaat 'n Groep van 9008 "nuwe" leerlinge is ook in standerd agt gevind en in die ondersoek betrek. Hulle is druipele van vorige jare plus diegene wat weens siekte of ander redes nie in 1965 in standerd ses getoets is nie. Al die leerlinge in standerd agt in al die skole (55 719) het 'n Biografiese Vraelys ingevul en 'n verstandstoets afgelê. 'n Kwart van hierdie leerlinge (almal by 'n kwart van alle skole, dit wil sê 13 851) het 'n verdere toetsprogram gevolg waarin 'n omvattende battery toetse en vraelyste ingesluit is. Vanuit dié steekproef is 'n steekproef van 10 178 leerlinge verkry wat ten opsigte van die belangrikste veranderlikes met die oog op navorsing verteenwoordigend van die standerd agt-leerlinge is. Na dié 10 178 leerlinge word verwys as die verteenwoordigende steekproef van standerd agt-leerlinge.

Van die oorspronklike 69 908 leerlinge van standerd ses, van wie 46 711 in standerd agt gevind is, is 26 660 in 1969 in standerd tien gevind. 'n Groep van 7472 "nuwe" leerlinge is ook in standerd tien gevind. Hulle is druipele van vorige jare plus diegene wat weens siekte of ander redes nie in 1967 getoets is nie. Al die leerlinge in standerd tien in al die skole (34 132) het 'n Biografiese Vraelys ingevul. Verder het al die leerlinge by 'n kwart van die skole (d.w.s. 9915) 'n verdere toetsprogram gevolg waarin 'n omvattende battery toetse ingesluit is. Transvaalse leerlinge van die steekproef het egter een van die vraelyste, naamlik die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF) nie ingevul nie. Vanuit dié steekproef van 9915 leerlinge is 'n steekproef van 6941 leerlinge verkry wat ten opsigte van 'n aantal belangrike veranderlikes verteenwoordigend van die standerd tien-leerlinge is. Na dié 6941 leerlinge word verwys as die verteenwoordigende steekproef van standerd tien-leerlinge.

Die resultate van die onderskeie toetsprogramme word volledig in vorige Talentopnameverslae (Roos, 1970, 1972, 1975) beskryf.

#### 2.2 DIE ONDERSOEKGROEPE

Ten einde uitvoering aan die doel met hierdie ondersoek te gee, kan alleen leerlinge ten opsigte van wie gegewens oor persoonlikheidsienskappe en skolastiese prestasie beskikbaar is, by die ondersoek betrek word, met ander woorde, slegs leerlinge wat aan die 1965-Talentopnametoetsprogram en die omvattende 1967- en 1969-toetsprogramme deelgeneem het, kan by die samestelling van die ondersoekgroepe oorweeg word. Weens die feit dat Transvaalse leerlinge wat in 1969 aan die omvattende toetsprogram deelgeneem het, nie die PHSF voltooi het nie, is Transvaalse leerlinge nie by die samestelling van die ondersoekgroepe oorweeg nie.

In die lig van Talentopname se beskikbaarstelling van inligting oor persoonlikheidsienskappe en skolastiese prestasie van dieselfde leerlinge op verskillende standerdvlakke is daar besluit om van die longitudinale benadering vir die verkryging van proefpersone gebruik te maak.

Om die ondersoek verder binne redelike perke van uitvoerbaarheid te hou en die resultate van die ondersoek op 'n redelike groot groep homogene leerlinge toepasbaar te maak, is besluit om gebruik te maak van leerlinge wat in gewone, provinsiale Afrikaans-mediumskole in die Kaapprovinsie skoolgegaan het.

Uit die verteenwoordigende steekproef van standerd tien-leerlinge is 'n totaal van 674 leerlinge geïdentifiseer wat in gewone, provinsiale Afrikaansmediumskole in die Kaapprovinsie skoolgegaan het en ook as standerd ses-leerlinge aan die 1965-Talentopnametoetsprogram deelgeneem het. Dié 674 leerlinge is betrek by die bepaling van die korttermynverbande tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses- en tien-vlak, sowel as by die bepaling van die langtermynverband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak.

Van dié 674 leerlinge het 'n totaal van 426 ook tydens die 1967-Talentopname-toetsprogram aan die omvattende toetsprogram deelgeneem. Dié 426 leerlinge is gebruik by die bepaling van die korttermynverband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt-vlak, sowel as by die bepaling van die langtermynverband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak.

Vir die doel van hierdie ondersoek is die ondersoekgroepe by die bepaling van die verbande tussen persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke in seuns- en meisiegroepe verdeel.

## 2.3 MEETMIDDELS

Ter verkryging van metings van die veranderlikes wat in hierdie ondersoek betrek word, is van die volgende meetmiddels gebruik gemaak. 'n Volledige beskrywing van die toetse en vraelyste wat in Projek Talentopname gebruik is, tesame met inligting oor die betroubaarheid van die gestandaardiseerde toetse en vraelyste, verskyn in die eerste Talentopnameverslag (Verhoef en Roos, 1970).

### 2.3.1 Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV)

Die HSPV wat oorspronklik in die VSA deur Cattell en Beloff opgestel en ontwikkel is, is deur die RGN in Suid-Afrika aangepas, en meet 14 afsonderlike persoonlikheidsdimensies of -trekke, ook genoem grondtrekke of eersteorde faktore. Die 14 faktore wat deur die HSPV gemeet word, is die volgende:

- A : Hartlikheid
- B : Intelligensie
- C : Egosterkte
- D : Prikkelbaarheid
- E : Selfhandhawing
- F : Entoesiasme
- G : Pligsgetrouheid
- H : Avontuurlustigheid
- I : Sensitiwiteit
- J : Passiewe individualisme
- O : Vreesagtigheid
- Q<sub>2</sub> : Selfgenoegsaamheid
- Q<sub>3</sub> : Selfbeheersing
- Q<sub>4</sub> : Gespannenheid.

Faktor B (Intelligensie) is vir die doel van hierdie ondersoek nie direk by die ondersoek betrek nie, dog wel gebruik om deur middel van parsiele korrelasie te verseker dat die nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe wat betrek is, onafhanklik van intelligensie is.

Benewens die bovermelde 14 faktore wat deur die HSPV gemeet word, meet die vraelys ook 'n aantal tweedeorde faktore, of ook genoem oppervlaktetrekke waarvan die volgende die vernaamste tweedeorde faktore is:

$$\text{I : Angs: } (2 \times -C) + (2 \times -H) + (1 \times -G) + (2 \times +O) + (1 \times -Q_3) + (2 \times -Q_4)$$

(Verdeling : 10 - 90)

$$\text{II : Ekstraversie: } (2 \times A) + (2 \times F) + (1 \times H) + (2 \times -J) + (2 \times -Q_2)$$

(Verdeling : 9 - 81)

Aangesien berekening van slegs bovermelde tweedeorde-faktore ten tyde van die aanvang van die ondersoek moontlik was, sowel as die feit dat die komponente van angs deur 'n ander meetinstrument (sien par. 2.3.2) gemeet word, is slegs die tweede-ordefaktor ekstraversie by die ondersoek betrek.

Die HSPV is onderskeidelik tydens die 1965-, 1967-, 1969-Talentopnametoetsprogramme op onderskeidelik die universum van standaard ses-leerlinge en die verteenwoordigende steekproewe van standaard agt- en tien-leerlinge toegepas.

### 2.3.2 Die IPAT-Selfondersoekvraelys (IPAT-Angsskaal)

Die Selfondersoekvraelys of Angsskaal wat oorspronklik in die VSA deur Cattell en Scheier gestandaardiseer is, is deur die RGN in Suid-Afrika aangepas om 'n vinnige, objektiewe en gestandaardiseerde metode, waarvolgens inligting aangaande angs bekom word, daar te stel. Die primêre doel met die vraelys is om die vrye, gemanifesteerde angspeil van 'n individu te meet, ongeag of dit deur die omgewing veroorsaak is of relatief onafhanklik van die onmiddellike situasie is.

Die komponente (of faktore) van angs wat deur die vraelys gemeet word, is die volgende:

- Q<sub>3</sub> : Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment
- C : Swak ego, gebrek aan egosterkte
- L : Agterdogtigheid of paranoïese gevoel van onveiligheid
- O : Geneigdheid tot skuldgevoelens
- Q<sub>4</sub> : Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id
- A-telling : Onbewuste (verborge) angs
- B-telling : Bewuste (simptomatiese) angs
- A+B-telling : Totale angstelling.

Die Angsskaal is onderskeidelik tydens die 1967- en 1969-Talentopnametoetsprogramme op die verteenwoordigende steekproewe van standaard agt- en tien-leerlinge toegepas.

### 2.3.3 Die Aanpassingsvraelys

Hierdie vraelys meet die volgende 10 velde van persoonlike en sosiale aanpassing:

- 1 : Selfvertroue
- 2 : Gevoel van eiewaarde
- 3 : Gevoel van persoonlike vryheid
- 4 : Gevoel van aanvaarding en erkenning
- 5 : Sosiale verhoudings
- 6 : Simptome van sensuueagtigheid
- 7 : Morele inslag
- 8 : Huislike verhoudings
- 9 : Skoolverhoudings
- 10 : Emosionaliteit.

Die Aanpassingsvraelys is slegs tydens die 1965-Talentopnametoetsprogram op die universum van standaard ses-leerlinge toegepas.

### 2.3.4 Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF)

Die PHSF, wat uit die Aanpassingsvraelys ontwikkel het, meet persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge ten einde die mate van aanpassing te bepaal.

Die PHSF meet 11 komponente (of faktore) van aanpassing, wat onder die bovermelde primêre aanpassingsgebiede verdeel word.



Die 11 komponente wat deur die vraelys gemeet word, is die volgende:

- 1 : Selfvertroue
- 2 : Eiewaarde
- 3 : Selfbeheer
- 4 : Senuweeagtigheid
- 5 : Gesondheid
- 6 : Gesinsinvloede
- 7 : Persoonlike vryheid
- 8 : Algemene sosialiteit
- 9 : Spesifieke sosialiteit
- 10 : Morele inslag
- 11 : Formele verhoudinge.

Die PHSF is slegs tydens die 1969-Talentopnametoetsprogram op die verteenwoordigende steekproef van standaard tien-leerlinge, met die uitsondering van Transvaalse leerlinge, toegepas.

### 2.3.5 Die Oname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH)

Die OSGH is in die VSA ontwikkel deur Brown en Holtzman en in Suid-Afrika aangepas en gestandaardiseer om op gesistematiseerde en gestandaardiseerde wyse 'n aanduiding van 'n leerling se gewoontes en houdings ten opsigte van sy skoolwerk te verkry. As gevolg van sy lae korrelasie met aanlegtoetse en sy betekenisvolle verband met akademiese sukses, is die OSGH uiters geskik as siftings- en diagnostiese toets, en vir navorsing.

Die OSGH bestaan uit die volgende vier primêre en drie sekondêre skale:

- 1 : Vermyding van uitstel (VU)
  - 2 : Werkmetodes (WM)
  - 3 : Onderwysergoedkeuring (OG)
  - 4 : Aanvaarding van onderwys (AO)
- 
- I : Studiegewoontes (SG : VU + WM)
  - II : Studiehoudings (SH : OG + AO)
  - III : Studieoriëntasie (SO : SG + SH)

Weens beperking van die aantal veranderlikes wat deur die meervoudige korrelasieprogram van die RGN gehanteer kan word, is slegs die drie sekondêre skale van die vraelys by die ondersoek betrek.

Die OSGH is slegs tydens die 1969-Talentopnametoetsprogram op 'n verteenwoordigende steekproef van standaard tien-leerlinge toegepas.

### 2.3.6 Die Biografiese Vraelys

Die Biografiese Vraelys is spesiaal vir Talentopname opgestel met die doel om soveel moontlike biografiese en agtergrondgegevens van elke leerling te bekom. Die Biografiese Vraelys is met enkele wysigings in 1965, 1967 en 1969 toegepas.

Die Biografiese Vraelys bestaan uit afdelings A, B en C waarvan A en C feitlik uitsluitlik vir algemene klassifikasiedoeleindes bedoel is. Afdeling B bevat vrae wat hoofsaaklik biografiese en agtergrondgegevens betrek.

In ooreenstemming met die doel van hierdie ondersoek is besluit om twee vrae uit die Biografiese Vraelys wat in 1969 toegepas is, te gebruik. Die betrokke vrae wat op grond van Engelbrecht (1973) se resultate vermoedelik prestasie-motivering meet, lui soos volg:

"Ek doen meer as wat my onderwyser/esse van my verwag."

"Ek doen net die hoeveelheid werk wat my in staat stel om te slaag."

Elke vraag het voorsiening gemaak vir vier responsiealternatiewe, naamlik Altyd, Gewoonlik, Selde en Nooit en vir kwantifiseringsdoeleindes is 'n numeriese waarde aan elk van die responsiealternatiewe toegeken.

### 2.3.7 Eksamenpunte

Weens die feit dat dié ondersoek gemoeid is met die bepaling van die verband tussen die reeds vermelde nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie in die algemeen, is van die gemiddelde eindeksamentotaalpunt of die gemiddelde persentasie van al die vakke wat die proefpersone in die standaard ses-, agt- en tien-eindeksamen behaal het, gebruik gemaak.

## 2.4 STATISTIESE BEWERKINGS

In ooreenstemming met die doel van hierdie ondersoek is die volgende bewerkings gedoen:

(a) Op grond van interkorrelasies wat tussen die metings (roupunte) van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe, intelligensie en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke vir die geslagsgroepe afsonderlik bereken is (nadat vasgestel is dat daar geen nie-lineêre verbande bestaan nie en dat die veranderlikes wat gekorreleer is normale verspreidings toon (Guilford, 1965; Spence et al. 1968), is korrelasiekoëffisiënte ( $r$ ) tussen die metings van die nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie voor ( $r_{12}$ ) en na ( $r_{12.3}$ ) uitskakeling van die invloed van intelligensie, deur middel van parsieële korrelasie, bepaal.

Die korrelasies tussen die metings van die nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe sonder die uitskakeling van die rol van intelligensie ( $r_{12}$ ) is interessantheidshalwe ook verstrek.

(b) Beduidendheid van die korrelasies ( $p$ ) is bepaal.

In ooreenstemming met die internasionaal aanvaarde beduidendheidsgrens vir korrelasies is die tweekantige beduidendheidspeil op 0,05 gestel, hoewel korrelasies wat 'n hoër beduidendheidspeil het (0,01 en 0,001) ook vermeld is.

(c) Die persentasie van die variansie (Cattell, 1965; Lavin, 1965; Naylor, 1972) van skolastiese prestasie wat deur die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe verklaar word ( $r^2\%$ ) is vervolgens bereken, wat as indeks van die bydrae van elk van die nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe tot skolastiese prestasie dien.

(d) Die verkreë korrelasiekoëffisiënte is volgens Fisher se metode getransformeer na  $z$ -tellings en die verskille tussen die korrelasies van die seuns- en meisiesgroepe ( $\bar{z}$ ) deur middel van die  $z$ -toets van verskille tussen korrelasies (Guilford, 1965; McGee, 1971), bereken.

(e) Beduidendheid van die verskille tussen die korrelasies ( $p$ ) van die seuns- en meisiesgroepe is bepaal.

## HOOFSTUK 3

### BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE KORTTERMYNVERBAND TUSSEN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE

#### 3.1 VERBANDE VAN DIE SEUNS- EN MEISIEGROEPE GESAMENTLIK EN AFSONDERLIK

Die resultate word in tabelle 3.1, 3.2 en 3.3 aangegee. Ten einde 'n oorsigtelike beeld van die gegewens wat in tabelle 3.1 tot 3.3 vervat is, te verskaf, word 'n samevatting van die gegewens in tabel 3.4 gegee.

Uit 'n bestudering van die gegewens wat in tabelle 3.1 tot 3.4 vervat is, blyk dat die beduidende verbande tussen die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke, soos verwag (Naylor, 1972) van 'n lae orde is.

Verder is dit opvallend dat die mate van verband by enkele van die verbande tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie 'n toename toon nadat die invloed van intelligensie uitgeskakel is.

##### 3.1.1 Verbande van die seuns- en meisiegroepe gesamentlik

###### (a) Konsekwente verbande

Dit is opvallend dat die seuns- en die meisiegroepe geen konsekwent-beduidende verbande tussen enige van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke toon nie. Dieselfde tendens doen hom voor ten opsigte van die verbande tussen die gekose eienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en standerd agt- en tien-vlak. Die seuns- en meisiegroepe toon slegs ten opsigte van die verband tussen een van die eienskappe, te wete skool- of formele verhoudinge, en skolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak, deurgaans beduidend positiewe verbande. Die resultate onderskryf die bevindings van Bresee (1957), Gowan (1957), Kurtz en Swenson (1951), Layer (1969), Matsunaga (1972) Watts (1970) en Wilson en Morrow (1963) oor die verband tussen dié eienskap en skolastiese prestasie op hoërskoolvlak, dog weerspreek dié ondersoekers se bevinding op standerd agt-vlak. Die bevindings ten opsigte van die verband op standerd tien-vlak van die seuns- en meisiegroep onderskryf en weerspreek onderskeidelik die bevindings van Engelbrecht (1973, 1974). 'n Moontlike verklaring vir die weerspreking van Engelbrecht se bevindings ten opsigte van meisies kan geleë wees daarin dat die bydrae van skool- of formele verhoudinge tot skolastiese prestasie by intellektueel bogemiddelde meisies minder is as dié van die meisies wat in dié ondersoek betrek is. In die lig van die betekenis wat aan verbande geheg kan word, beteken dit dat goeie skool- of formele verhoudinge, wat 'n uitvloeiing van 'n gunstige houding van die leerling tot medeleerlinge en gesagsfigure binne die leersituasie is (Naylor, 1972), gepaard gaan met beter skolastiese prestasie op dié standerdvlakke. Alhoewel die produkmoment-korrelasiekoëffisiënt ( $r$ ) essensieël 'n kwantitatiewe indeks van samevallende verband is, sluit dié indeks nie oorsaaklike of kousale verband uit nie (Lavin, 1965) en kan moontlike kousale verbande of verklarings vir die verbande uit dié indeks afgelei word, soos in dié geval. Na gelang van die variansie van skolastiese prestasie wat deur skool- of formele verhoudinge verklaar word, dra dié eienskappe onderskeidelik twee en vier persent by tot die seuns- en die meisiegroep se skolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak. Skool- of formele verhoudinge het dus 'n konstante lae bydrae tot skolastiese prestasie op dié standerdvlakke.

###### (b) Losstaande verbande

Die seuns- en meisiegroepe toon beduidende verband tussen onderskeidelik een, agt en vyf van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op standerd ses-, agt- en tien-vlak.

TABEL 3.1

KORRELASIES TUSSEN METINGS VAN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE OP STANDERD SES-VLAK, VERSKILLE TUSSEN DIE KORRELASIES VAN SEUNS EN MEISIES EN PERSENTASIE VAN DIE VARIANSIE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE VERKLAAR DEUR DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe	Seuns			Meisies			$\bar{z}$
	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>							
Hartlikheid	-0,03 (-0,04)		0,09	0,16** (0,17**)		2,56	2,38* $\phi\phi$
Egosterkte	-0,05 (-0,06)		0,25	0,08 (0,09)		0,64	1,62
Prikkelbaarheid	0,06 (0,05)		0,36	-0,15** (-0,18***)		2,25	-2,63*** $\phi\phi$
Selfhandhawing	-0,16** (-0,17**)		2,56	-0,06 (-0,07)		0,36	1,26
Entoesiasme	-0,05 (-0,06)		0,25	0,02 (0,03)		0,04	0,87
Pligsgetrouheid	-0,03 (-0,02)		0,09	0,12 (0,15**)		1,44	1,87
Avontuurlustigheid	-0,08 (-0,06)		0,64	0,15** (0,17**)		2,25	2,88*** $\phi\phi$
Sensitiwiteit	0,01 (0,02)	309	0,01	0,02 (0,01)	360	0,04	0,12
Passiewe individualisme	-0,02 (-0,01)		0,04	-0,16** (-0,18***)		2,56	-1,76
Vreesagtigheid	-0,03 (-0,01)		0,09	-0,10 (-0,13*)		1,00	-0,88
Selfgenoegsaamheid	0,04 (0,05)		0,16	-0,07 (-0,08)		0,49	-1,37
Selfbeheersing	-0,03 (-0,02)		0,09	0,10 (0,10)		1,00	1,62
Gespannenheid	0,09 (0,07)		0,81	-0,13* (-0,16**)		1,69	-2,75*** $\phi\phi$
Ekstraversie	-0,06 (-0,07)		0,36	0,16** (0,18***)		2,56	2,78*** $\phi\phi$
<b>Aanpassing:</b>							
Selfvertroue	0,10 (0,10)		1,00	-0,17** (-0,18**) $\phi$		2,89	-3,39*** $\phi\phi$
Gevoel van eiewaarde	-0,07 (-0,08)		0,49	-0,18*** (-0,22***) $\phi$		3,42	-1,40
Gevoel van persoonlike vryheid	-0,13* (-0,13*) $\phi$		1,69	-0,12 (-0,14**)		1,44	-0,13
Gevoel van aanvaarding en erkenning	-0,13* (-0,15**) $\phi$		1,69	-0,17** (-0,21***) $\phi$		2,89	-0,51
Sosiale verhoudings	0,09 (0,09)		0,81	-0,09 (-0,05)		0,81	-2,25* $\phi\phi$
Simptome van senuweeagtigheid	0,04 (0,02)	309	0,16	-0,15** (-0,18***) $\phi$	361	2,25	-2,39* $\phi\phi$
Morele inslag	-0,07 (-0,10)		0,49	-0,10*** (-0,23***) $\phi$		3,61	-1,52
Huislike verhoudings	-0,11 (-0,13*)		1,21	-0,17** (-0,20***) $\phi$		2,89	-0,76
Skoolverhoudings	-0,15** (-0,16**) $\phi$		2,25	-0,20*** (-0,21***) $\phi$		4,00	-0,64
Emosionaliteit	0,02 (0,01)		0,04	-0,17** (-0,18***) $\phi$		2,89	-2,39* $\phi\phi$

\*  $p < 0,05$ \*\*  $p < 0,01$ \*\*\*  $p < 0,001$ 

$\phi$  Volgens die Handleiding van die Aanpassingsvraelys dui 'n hoë telling op wanaanpassing, terwyl 'n lae telling op goeie aanpassing dui. Hoewel die korrelasiekoëffisiënt negatief is, is daar dus 'n positiewe verband tussen dié verband van aanpassing en skolastiese prestasie.

$\phi\phi$  Hoewel beduidende verskille tussen korrelasies waarvan een of albei nie beduidend is nie, wel volgens die z-toets van verskille tussen korrelasies moontlik is, is sodanige verskille niksseggend en regverdig geen interpretasie nie.

TABEL 3.2

KORRELASIES TUSSEN METINGS VAN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE OP STANDERD AGT-VLAK, VERSKILLE TUSSEN DIE KORRELASIES VAN SEUNS EN MEISIES EN PERSENTASIE VAN DIE VARIANSIE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE VERKLAAR DEUR DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe	Seuns			Meisies			$\bar{z}$
	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>							
Hartlikheid	-0,10	(-0,12)	1,00	0,10	(0,10)	1,00	2,02* $\phi$
Egosterkte	-0,16*	(-0,17*)	2,56	0,18**	(0,18**)	3,24	3,46***
Prikkelbaarheid	0,17*	(0,16*)	2,89	-0,16*	(-0,16*)	2,56	-3,36***
Selfhandhawing	-0,08	(-0,10)	0,64	-0,03	(-0,04)	0,09	0,51
Entoesiasme	-0,04	(-0,02)	0,16	0,02	(0,01)	0,04	0,61
Pligsgetroetheid	-0,15*	(-0,15*)	2,25	0,20**	(0,22**)	4,00	3,57***
Avontuurlustigheid	-0,14*	(-0,14*)	1,96	0,13*	(0,13*)	1,69	2,74**
Sensitiwiteit	-0,02	(-0,02)	177 0,04	-0,05	(-0,02)	248 0,25	-0,30
Passiewe individualisme	0,05	(0,03)	0,25	-0,02	(-0,03)	0,04	-0,71
Vreesagtigheid	0,04	(0,05)	0,16	-0,13*	(-0,14*)	1,69	-1,72
Selfgenoegsaamheid	0,02	(0,02)	0,04	-0,02	(-0,03)	0,04	-0,40
Selfbeheersing	0,05	(-0,06)	0,25	0,16*	(0,13*)	2,56	1,12
Gespannenheid	0,17*	(0,18**)	2,89	-0,16*	(-0,17*)	2,56	-3,36***
Ekstraversie	-0,09	(-0,10)	0,81	0,08	(0,08)	0,64	1,72
<b>Angs:</b>							
Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment	0,07	(0,04)	0,49	-0,17*	(-0,15*)	2,89	-2,44* $\phi$
Swak ego, gebrek aan egosterkte	-0,01	(-0,01)	0,01	-0,14*	(-0,16*)	1,96	-1,32
Agterdogtigheid of paranoiëse gevoel van onveiligheid	0,11	(0,13*)	1,21	-0,06	(-0,12)	0,36	-1,70
Geneigdheid tot skuldgevoelens	0,14*	(0,12)	1,96	-0,20**	(-0,24***)	4,00	-3,43***
Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id	0,13*	(0,12)	173 1,69	-0,22**	(-0,22**)	244 4,84	-3,54***
Onbewuste (verborge) angs	0,15*	(0,13*)	2,25	-0,20**	(-0,21**)	4,00	-3,53***
Bewuste (simptomatiese) angs	0,10	(0,09)	1,00	-0,22**	(-0,25***)	4,84	-3,23*** $\phi$
Globale angs	0,13*	(0,11)	1,69	-0,23***	(-0,25***)	5,29	-3,64***

\*  $p < 0,05$ \*\*  $p < 0,01$ \*\*\*  $p < 0,001$  $\phi$  Hierdie verskil tussen die korrelasies kan nie as 'n verskil beskou word nie.

TABEL 3.3

KORRELASIES TUSSEN METINGS VAN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE OP STANDERD TIEN-VLAK, VERSKILLE TUSSEN DIE KORRELASIES VAN SEUNS EN MEISIES EN PERSENTASIE VAN DIE VARIANSIE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE VERKLAAR DEUR DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe	Seuns			Meisies			$\bar{z}$
	$r_{12,3}$ ( $r_{12}$ )	N	$r^2\%$	$r_{12,3}$ ( $r_{12}$ )	N	$r^2\%$	
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>							
Hartlikheid	-0,11* (-0,11*)		1,21	0,06 (0,06)		0,36	2,19* $\phi$
Egosterkte	-0,06 (-0,04)		0,36	0,12* (0,13**)		1,44	2,32* $\phi$
Prikkelbaarheid	0,02 (0,04)		0,04	-0,12* (-0,11*)		1,44	-1,68
Selfhandhawing	-0,15** (-0,12*)		2,25	0,05 (0,07)		0,49	2,59** $\phi$
Entoesiasme	-0,10 (-0,09)		1,00	0,04 (0,09*)		0,81	1,80
Pligsgetrouheid	-0,09 (-0,08)		0,81	0,09 (0,12**)		1,44	2,32* $\phi$
Avontuurlustigheid	-0,08 (-0,05)	309	0,64	0,12* (0,17***)	360	1,44	2,58** $\phi$
Sensitiwiteit	0,12 (0,15**)		1,44	-0,04 (-0,03)		0,16	-2,06* $\phi$
Passiewe individualisme	0,12 (0,12*)		1,44	-0,02 (-0,01)		0,04	-1,80
Vreesagtigheid	-0,02 (-0,04)		0,04	-0,09 (-0,10*)		0,81	-0,90
Selfgenoegsaamheid	0,01 (0,02)		0,01	-0,01 (-0,03)		0,01	-0,26
Selfbeheersing	0,04 (0,03)		0,16	-0,04 (-0,01)		0,16	-1,03
Gespannenheid	0,11* (0,08)		1,21	-0,08 (-0,08)		0,64	-2,45* $\phi$
Ekstraversie	-0,12* (-0,12*)		1,44	0,06 (0,10*)		0,36	2,32* $\phi$
<b>Angs:</b>							
Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment	0,04 (0,04)		0,16	-0,09 (0,12*)		0,81	-1,67
Swak ego, gebrek aan egosterkte	-0,07 (-0,08)		0,49	-0,21*** (0,24***)		4,41	-1,84
Agterdogtigheid of paranoiëse gevoel van onveiligheid	0,03 (0,02)		0,09	-0,15** (0,18***)		2,25	-2,33** $\phi$
Geneigdheid tot skuldgevoelens	-0,01 (-0,03)		0,01	-0,12* (0,15**)		1,44	-1,42
Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id	-0,05 (-0,07)	309	0,25	-0,21*** (0,23***)	361	4,41	-2,10* $\phi$
Onbewuste (verborge) angs	-0,02 (-0,03)		0,04	-0,13** (0,17***)		1,69	-1,42
Bewuste (simptomatiese) angs	-0,03 (-0,04)		0,09	-0,23*** (0,26***)		5,29	-2,62** $\phi$
Globale angs	-0,03 (-0,04)		0,09	-0,19*** (0,23***)		3,61	-2,09* $\phi$
<b>Aanpassing:</b>							
Selfvertroue	0,01 (0,03)	307	0,01	0,10* (0,15**)		1,00	1,15
Eiewaarde	0,01 (0,03)		0,01	0,10* (0,12*)		1,00	1,15
Selfbeheer	-0,03 (-0,01)		0,09	0,03 (0,04)		0,09	0,77
Senuweeagtigheid	0,01 (0,03)		0,01	0,22*** (0,22***)		4,84	2,74** $\phi$
Gesondheid	0,07 (0,11*)		0,49	0,21*** (0,21***)		4,41	1,83
Gesinsinvloede	0,02 (0,01)	307	0,04	0,01 (0,01)	361	0,01	-0,13
Persoonlike vryheid	0,18*** (0,20***)		3,24	0,19*** (0,22***)		3,61	0,13
Algemene sosialiteit	-0,16** (0,18***)		2,56	0,05 (0,06)		0,25	2,71** $\phi$
Spesifieke sosialiteit	-0,07 (0,08)		0,49	0,06 (0,07)		0,36	1,67
Morele inslag	0,14** (0,14**)		1,96	0,08 (0,08)		0,64	-0,78
Formele verhoudinge	0,17** (0,17**)		2,89	0,22*** (0,25***)		4,84	0,67
Studiegewoontes	0,34*** (0,34***)		11,56	0,28*** (0,30***)		7,84	-0,85
Studiehoudings	0,32*** (0,34***)	307	10,24	0,30*** (0,34***)	361	9,00	-0,28
Studieoriëntasie	0,37*** (0,38***)		13,69	0,31*** (0,35***)		9,61	-0,87
Prestasiemotivering 1	0,15** (0,12*)	310	2,25	0,20*** (0,12*)	364	4,00	-0,67
Prestasiemotivering 2	0,39*** (0,38***)	307	15,21	0,28*** (0,32***)	359	7,84	-1,59

\*p < 0,05; \*\*p < 0,01; \*\*\*p < 0,001

$\phi$ Hierdie verskil tussen die korrelasies kan nie as 'n verskil beskou word nie.

TABEL 3.4

SAMEVATTING VAN DIE KORTTERMYNVERBAND TUSSEN SPESIFIEKE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE, VERSKILLE TUSSEN DIE KORTTERMYNVERBANDE VAN SEUNS EN MEISIES EN DIE KORTTERMYNBYDRAE VAN DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE TOT SKOLASTIESE PRESTASIE

Nie-intellektuele persoonlikheids= eienskappe	Verbande						Bydrae						Verskille		
	St.6		St.8		St.10		St.6		St.8		St.10		St. 6	St. 8	St. 10
	S	M	S	M	S	M	S	M	S	M	S	M	6	8	10
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>															
Hartlikheid	+				-			2				1			
Egosterkte			-	+		+			2	3		1			*
Prikkelbaarheid	-	+	-			-		2	2	2		1			*
Selfhandhawing	-					-		2				2			
Entoesiasme															
Pligsgetrouheid			-	+					2	4					*
Avontuurlustigheid	+	-	+			+		2	1	1		1			*
Sensitiwiteit															
Passiewe individualisme	-							2							
Vreesagtigheid					-						1				
Selfgenoegsaamheid															
Selfbeheersing				+							2				
Gespannenheid	-	+	-	+				1	2	2	1				*
Ekstraversie	+				-			2				1			
<b>Angs:</b>															
Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment	∅				-			∅∅			2				
Swak ego, gebrek aan egosterkte	∅				-			∅∅			1		4		
Agterdogtigheid of paranoïese gevoel van onveiligheid	∅					-		∅∅					2		
Geneigdheid tot skuldgevoelens	∅	+	-			-		∅∅	1	4		1			*
Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id	∅	+	-			-		∅∅	1	4		4			*
Onbewuste (verborge) angs	∅	+	-			-		∅∅	2	4		1			*
Bewuste (simptomatiese) angs	∅				-			∅∅			4	5			
Globale angs	∅	+	-			-		∅∅	1	5		3			*
<b>Aanpassing:</b>															
Selfvertroue	+	∅				+		2	∅∅			1			
Gevoel van eiewaarde (eiewaarde∅∅∅)	+	∅				+		3	∅∅			1			
Gevoel van persoonlike vryheid (persoonlike vryheid∅∅∅)	+	∅			+	+	1		∅∅		3	3			
Gevoel van aanvaarding en erkenning	+	+	∅				1	2	∅∅						
Sosiale verhoudings, sosialiteit (algemene en spesifieke sosialiteit∅∅∅)			∅		-				∅∅			2			
Simptome van senuweeagtigheid (senuweeagtigheid∅∅∅)	+					+		2	∅∅			4			
Morele inslag	+	∅				+		3	∅∅			1			
Huislike verhoudings (gesinsinvloede∅∅∅)	+	∅						2	∅∅						
Skoolverhoudings (formele verhoudinge∅∅∅)	+	+	∅		+	+	2	4	∅∅		2	4			
Emosionaliteit		+	∅			∅		2	∅∅			∅∅			
Selfbeheer	∅		∅					∅∅	∅∅						
Gesondheid	∅		∅			+		∅∅	∅∅			4			

(Vervolg)

TABEL 3.4 (VERVOLG)

Nie-intellektuele persoonlikheids= eienskappe	Verbande						Bydrae						Verskille		
	St.6		St.8		St.10		St.6		St.8		St.10		St.6	St.8	St.10
	S	M	S	M	S	M	S	M	S	M	S	M	6	8	10
Studiegewoontes	∅	∅	+	+	∅∅	∅∅	11	7							
Studiehoudings	∅	∅	+	+	∅∅	∅∅	10	9							
Studieoriëntasie	∅	∅	+	+	∅∅	∅∅	13	9							
Prestasieмотivering 1	∅	∅	+	+	∅∅	∅∅	2	4							
Prestasieмотivering 2	∅	∅	+	+	∅∅	∅∅	15	7							

∅Verbande nie bepaalbaar nie, weens die afwesigheid van metings van dié eienskap op die standardvlak.

∅∅Bydrae nie bepaalbaar nie, weens die afwesigheid van verbande.

∅∅∅Alternatiewe benamings volgens die PHSF.

Ten opsigte van die verband tussen 'n gevoel van aanvaarding en erkenning en skolastiese prestasie op standaard ses-vlak toon die seuns- en meisiegroep 'n beduidende positiewe verband. 'n Sterk gevoel van aanvaarding en erkenning gaan dus gepaard met beter skolastiese prestasie. Ten spyte van die neiging om kousale waarde aan 'n sterk gevoel van aanvaarding en erkenning ten opsigte van skolastiese prestasie te verleen, kan 'n kringloopeffek aan dié eienskap en skolastiese prestasie gepostuleer word, dit wil sê, beter skolastiese prestasie kan aanleiding gee tot 'n sterk gevoel van aanvaarding en erkenning (vir die beter prestasie), wat weer op sy beurt lei tot beter skolastiese prestasie ten einde die waardering en erkenning van spesifieke persone (bv. ouers of onderwysers) of groepe persone (bv. maats) te behou. Die kringloopeffek van dié eienskap mag sy ontstaan op laerskoolvlak hê. Daarenteen mag die invloed van dié eienskap geleë wees in die behoefte aan erkenning van die standaard ses-leerling vir sy prestasie op die eerste standaard van die hoërskoolvlak. Die eienskap se bydrae tot die seuns- en meisiegroep se skolastiese prestasie op standaard ses-vlak is een en twee persent.

Die seuns- en meisiegroep toon beduidende verbande tussen egosterkte, prikkelbaarheid, pligsgetrouheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste angs en globale angs en skolastiese prestasie op standaard agt-vlak. Die seunsgroep toon beduidende positiewe verbande tussen prikkelbaarheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste (simptomatiese) en globale angs en beduidende negatiewe verbande tussen egosterkte en pligsgetrouheid en skolastiese prestasie, terwyl die meisiegroep beduidende verbande in die teenoorgestelde rigting toon. Met ander woorde, by die seunsgroep, gaan 'n hoë mate prikkelbaarheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste en globale angs en 'n lae mate egosterkte en pligsgetrouheid gepaard met beter skolastiese prestasie, terwyl 'n hoë mate van egosterkte en pligsgetrouheid en 'n lae mate van prikkelbaarheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk onbewuste en globale angs en in hoë mate egosterkte en pligsgetrouheid by die meisiegroep, gepaard met beter skolastiese prestasie op standaard agt-vlak. Die resultate ten opsigte van die verband tussen egosterkte, pligsgetrouheid en gespannenheid, by die seunsgroep, en prikkelbaarheid en angs, by die meisiegroep en skolastiese prestasie, onderskryf die bevindings van Beavers (1970), Butcher *et al.* (1963), Cattell *et al.* (1972) Cuppens (1967), Davids *et al.* (1968), Davis (1969), Frost (1965), Gaudry en Bradshaw (1970), Helfenbein (1970) Hummel en Sprinthall (1965), Knight (1964), Mahan (1971), Nason (1958), Philips *et al.* (1960), Roberts (1962), Roth en Meyersburg (1963), Sperry *et al.* (1958), Sutherland (1952, 1953), Swafford (1970), Tulley (1967) en Walter *et al.* (1964) oor die verband tussen dié eienskappe op hoërskoolvlak en Laubscher (1973) en Madge (1971) se bevindings met plaaslike standaard ses-leerlinge en Engelbrecht (1973, 1974) se bevindings met plaaslike standaard tien-leerlinge. Daarenteen weerspreek die resultate ten opsigte van die verband tussen egosterkte, pligsgetrouheid en gespannenheid, by die meisiegroep, en prikkelbaarheid



en angs, by die seunsgroep, en skoolastiese prestasie die bevindings van bovermelde ondersoekers. Dit is opvallend dat nóg die seunsgroep nóg die meisiegroep ten opsigte van die verband tussen al dié eienskappe en skoolastiese prestasie met die tendense ten opsigte van navorsing oor dié eienskappe ooreenstem. Die positiewe verband tussen egosterkte en pligsgetrouheid en skoolastiese prestasie kan toegeskryf word aan die voor-die-hand-liggende kousale bydrae van dié eienskappe tot prestasie in die algemeen en skoolastiese prestasie in die besonder (Cattell, 1965). Die bevorderende en inhiberende uitwerking van onderskeidelik meerdere of mindere mate van angs en meerdere of mindere mate van gespannenheid op skoolastiese prestasie is reeds goed gedokumenteer (Cattell 1965, Naylor, 1972) en dien as verklaring van die negatiewe verband tussen dié eienskap, sowel as die verband tussen geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van id-druk en frustrasies en onbewuste (verborge) angs (wat onderliggende eienskappe van die persoonlikheidstrek angs is) en skoolastiese prestasie. Die negatiewe verband tussen prikkelbaarheid en skoolastiese prestasie kan toegeskryf word aan die kousale bydrae van die doelbewustheid en flëgmatisme, wat persone met 'n lae mate van prikkelbaarheid kenmerk, tot skoolastiese prestasie (Cattell, 1965). Die a-tipiese verbande tussen prikkelbaarheid en angs (sowel as die vermelde subeienskappe van dié persoonlikheidstrek) en die a-tipiese negatiewe verbande tussen egosterkte en pligsgetrouheid en skoolastiese prestasie van die seunsgroep is moeilik verklaarbaar. Moontlik kan 'n hoë mate van angs 'n verlaagde inhiberende uitwerking op skoolastiese prestasie by dié groep hê, wat moeilik aanvaarbaar is, terwyl die bydrae van 'n hoë mate van prikkelbaarheid en 'n lae mate van egosterkte en pligsgetrouheid tot beter skoolastiese prestasie ooglopende teenstrydighede is. 'n Moontlike verklaring vir dié a-tipiese verbande is geleë in enersyds die betroubaarheid van die metings van dié persoonlikheidseienskappe wat berus op die erns waarmee die proefpersone die betrokke vraelyste ingevul het en andersyds die beperkte verband tussen dié eienskappe en skoolastiese prestasie in vergelyking met die bydrae van ander eienskappe tot die skoolastiese prestasie van die seunsgroep. Die a-tipiese negatiewe verband tussen gespannenheid en skoolastiese prestasie van die meisiegroep kan moontlik gewyt word aan 'n verhoogde bevorderende uitwerking van 'n lae mate van gespannenheid op skoolastiese prestasie in die lig van die afwesigheid van frustrasies en angs, pligsgetrouheid en egosterkte van dié groep. Die bydrae van egosterkte, prikkelbaarheid, pligsgetrouheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie en druk van die id, onbewuste en globale angs tot die seuns- en die meisiegroep se skoolastiese prestasie op standerd agt-vlak wissel tussen een en twee persent by die seunsgroep teenoor 'n wisseling tussen twee en vyf persent by die meisiegroep. Ten spyte van 'n ietwat groter bydrae van dié eienskappe tot die meisiegroep se skoolastiese prestasie in vergelyking met dié van die seunsgroep, is die bydrae van egosterkte, pligsgetrouheid en angs ver-rassend laag.

Ten opsigte van die verband tussen studiegewoontes, -houdings, -oriëntasie en prestasiemotivering en skoolastiese prestasie op standerd tien-vlak toon die seuns- en meisiegroep beduidende positiewe verbande. Goeie studiegewoontes, positiewe studie-houdings, gunstige studieoriëntasie en 'n hoë mate van prestasiemotivering gaan dus gepaard met beter skoolastiese prestasie. Die voor-die-hand-liggende kousale bydrae van dié eienskappe tot skoolastiese prestasie, wat deur dié verbande verklaar word (Holtzman en Brown, 1968), onderskryf die bevindings van Acker (1968), Bresee (1957), Buxton (1966), Cauwelier (1970), Crootof (1963), Cuppens (1967), Davids (1966), Du Toit (1970), Engelbrecht (1973, 1974), Entwistle (1968), Finger en Schlessler (1965), Frankel (1959), Holmgren (1972), Holtzman en Brown (1968), Hunter (1969), Khan (1969), Lachina (1969), Laubscher (1973), Matsunaga (1972), Lehrer (1969), Lunneborg (1967), McGavran (1955), McGuire (1961), O'Leary (1955), O'Shea (1968), Roth en Meyersburg (1963), Spies (1965), Tamangini (1969) Williams *et al.* (1971). Die bydrae van dié eienskappe tot skoolastiese prestasie wissel tussen twee en 15 persent by die seunsgroep teenoor vier tot elf persent by die meisiegroep, wat, hoewel laag, volgens die bydraes van die ander gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe, uitsonderlike bydraes het. Hoewel die bydrae van prestasiemotivering, laer is as die geraamde bydrae van 20 persent wat Cattell (1965) aan dié eienskap toeskryf, is dié bevinding inderdaad waardevol aangesien prestasiemotivering tesame met studieoriëntasie, die kern van die bydrae van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe tot skoolastiese prestasie vorm. Studieoriëntasie en sy komponente se groter bydrae tot die seunsgroep se skoolastiese prestasie, in vergelyking met dié van die meisiegroep, is opvallend en dien verder as bevestiging van die direkte toepaslikheid om die bydrae van dié eienskappe tot skoolastiese prestasie, sowel as die potensialiteit van dié eienskappe vir die voorspelling van skoolastiese prestasie.

### 3.1.2 Verbande van die seunsgroepe

#### (a) Konsekwente verbande

Die seunsgroepe toon, naas die bovermelde konsekwent-bedeutende verbande, ook konsekwent-bedeutende verbande tussen onderskeidelik een en twee van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op standaard agt- en tien-vlak en standaard ses- en tien-vlak.

Ten opsigte van die verband tussen gespannenheid en skolastiese prestasie op standaard agt- en tien-vlak toon die seunsgroepe deurgaans bedeutende positiewe verbande. Met ander woorde, 'n hoër mate van gespannenheid gaan gepaard met beter skolastiese prestasie op dié standerdvlakke. Die resultate kom ooreen met die bevindings van Swafford (1970) en Engelbrecht (1974), hoewel die bevindings van Engelbrecht net op bogemiddelde standaard tien-seuns betrekking het. Die verklaring van die verkreë verbande is, soos reeds vermeld, geleë in die bevorderende uitwerking van spanning op skolastiese prestasie. Gespannenheid dra onderskeidelik een en twee persent by tot dié seunsgroepe se skolastiese prestasie op standaard agt- en tien-vlak.

Die seunsgroepe toon onderskeidelik konsekwent bedeutende negatiewe verbande en positiewe verbande tussen selfhandhawing en 'n gevoel van persoonlike vryheid en skolastiese prestasie op standaard ses- en tien-vlak. Met ander woorde, 'n lae mate van selfhandhawing en 'n swak gevoel van aanvaarding en erkenning gaan gepaard met beter skolastiese prestasie op dié standerdvlakke. Die resultaat ten opsigte van die verband tussen selfhandhawing en skolastiese prestasie op standaard tien-vlak weerspreek Engelbrecht (1974) se bevinding van geen verband tussen dié veranderlikes. 'n Moontlike verklaring vir dié weerspreking is geleë in die feit dat Engelbrecht met intellektueel bogemiddelde proefpersone gewerk het. Die negatiewe verband tussen selfhandhawing en skolastiese prestasie kan toegeskryf word aan die kousale bydrae van selfgevoegsaamheid, insiklikheid en onderdanigheid, wat persone met 'n lae mate van selfhandhawing kenmerk, tot skolastiese prestasie. Die verklaring van die verkreë verband tussen 'n gevoel van aanvaarding en erkenning en skolastiese prestasie is, soos reeds vermeld, geleë in 'n kringloopeffek van dié eienskap en skolastiese prestasie. Selfhandhawing dra konsekwent twee persent en 'n gevoel van persoonlike vryheid een en drie persent by tot skolastiese prestasie op standaard ses- en tien-vlak.

#### (b) Losstaande verbande

Bo en behalwe die reeds vermelde konsekwent-bedeutende verbande op die onderskeie standerdvlakke toon die seunsgroepe bedeutende verbande tussen een en vier van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op standaard agt- en tien-vlak.

Wat betref die verband tussen avontuurlustigheid en skolastiese prestasie op standaard agt-vlak toon die seunsgroep 'n bedeutende negatiewe verband. 'n Lae mate van avontuurlustigheid gaan gevolglik gepaard met beter skolastiese prestasie. Dié bevinding weerspreek die bevinding van Engelbrecht (1974) dat daar geen verband tussen dié eienskap en skolastiese prestasie op standaard tien-vlak by intellektueel bogemiddelde leerlinge bestaan nie. 'n Moontlike verklaring vir dié weerspreking is geleë in die andersoortigheid van Engelbrecht se proefpersone in vergelyking met dié van die ondersoek. Weens die feit dat die grondtrek avontuurlustigheid een van die komponente van die oppervlaktetrek ekstraversie is, kan 'n moontlike verklaring vir die verband tussen 'n lae mate van avontuurlustigheid, dit wil sê, teruggetrokkenheid, ingetoënheid, beheersdheid en konsensieusheid, en skolastiese prestasie geleë wees in dié persoon se selfstandigheid en die verbreding en verdieping van sy kennis en insig deur beter leesgewoontes, wat die introvertief-geneigde persoon kenmerk (Cattell, 1965). Avontuurlustigheid dra een persent by tot die groep se skolastiese prestasie op standaard agt-vlak.

Die seunsgroep toon laastens bedeutende negatiewe verbande tussen hartlikheid, ekstraversie en sosiale verhoudings en 'n bedeutende positiewe verband tussen morele inslag en skolastiese prestasie op standaard tien-vlak. Die resultate ten opsigte van die verband tussen hartlikheid en skolastiese prestasie kom nie ooreen met die bevindings van Cattell et al. (1972) en Swafford (1970) nie. Daarenteen weerspreek die resultate ten opsigte van die verband tussen sosiale verhoudings en skolastiese prestasie die bevindings van Bresee (1957), De Leon (1972), Gowan (1965, 1957), Kurtz en

Swenson (1951), Matsunaga (1972), Shaw en Alves (1963) sowel as Engelbrecht (1974) se bevindings ten opsigte van plaaslike standaard tien-leerlinge. Terwyl die resultate ten opsigte van die verband tussen ekstraversie en skolastiese prestasie die bevindings van Brown (1969), Entwistle en Welsh (1969), Finlayson (1970), en Phelps (1957) onderskryf, weerspreek dié resultate die bevindings van Entwistle en Cunningham (1968) en die bevindings van Madge (1971) met plaaslike standaard ses-leerlinge. Volgens dié resultate gaan 'n geringe mate van hartlikheid, ekstraversie en algemene sosialiteit en 'n sterk morele inslag gepaard met beter skolastiese prestasie op dié standerdvlak. Die verklaring van die positiewe verband tussen morele inslag en skolastiese prestasie is geleë in die kousale bydrae van die positiewe houding ten opsigte van die standaarde van gedrag wat deur die maatskappy aanvaar word en die gedrag wat ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing, wat persone met 'n sterk morele inslag kenmerk. Die verband tussen hartlikheid, ekstraversie en algemene en skolastiese prestasie, kan, weens die feit dat hartlikheid en sosialiteit komponente van ekstraversie is, aan dieselfde rede wat vir die voorvermelde verband tussen avontuurlustigheid en skolastiese prestasie aangevoer is, toegeskryf word. 'n Meer dieperliggende en dinamiese verklaring van die verband tussen ekstraversie en gevolglik ook hartlikheid en avontuurlustigheid, en skolastiese prestasie, is geleë in Eysenck se postulate. Child (1964) som Eysenck se postulate kortliks soos volg op:

(a) persone verskil na gelang van die kwaliteit en kwantiteit waarmee opwindings en inhibisie geproduseer en verdryf word, en

(b) persone by wie die opwindingspotensiaal relatief swak is, stadig voortgebring word en by wie reaktiewe inhibisie vinnig en sterk ontwikkel, maar stadig verdryf word, is gepredisponeer tot ekstraversie. Introverte, dit wil sê persone met 'n lae mate van ekstraversie, volg die direkte teenoorgestelde van dié patroon.

Die effek van dié dinamiese prosesse op skolastiese prestasie is voor-die-hand-liggend as die konsentrasie wat skolastiese prestasies vereis, in ag geneem word. 'n Moontlike verklaring vir die weerspreking van die bevindings van Entwistle en Cunningham en Madge is geleë in die verandering van die verband tussen ekstraversie en prestasie tussen die laerskoolvlak en die universiteitsvlak (Lynn, 1959). Op laerskoolvlak toon ekstraversie 'n positiewe verband met prestasie teenoor 'n negatiewe verband op universiteitsvlak. Hartlikheid en algemene sosiale verhoudings dra twee persent teenoor ekstraversie en morele inslag se bydrae van een persent tot dié groep se skolastiese prestasie op standaard tien-vlak.

### 3.1.3 Verbande van die meisiegroepe

#### (a) Konsekvente verbande

Die meisiegroepe toon, naas die reeds vermelde konsekwent-bedeutende verbande ook konsekwent-bedeutende verbande tussen onderskeidelik twee, een, sewe en drie van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op standaard ses-, agt- en tien-vlak, standaard ses- en agt-vlak, standaard agt- en tien-vlak en standaard ses- en tien-vlak.

Die meisiegroepe toon onderskeidelik deurgaans bedeutende negatiewe en positiewe verbande tussen prikkelbaarheid en avontuurlustigheid en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke. 'n Hoë mate van prikkelbaarheid en 'n lae mate van avontuurlustigheid gaan dus gepaard met beter skolastiese prestasie op dié standerdvlakke. Die resultate ten opsigte van die verband tussen prikkelbaarheid en skolastiese prestasie onderskryf die bevinding van Swafford (1970). Daarenteen weerspreek die resultate Engelbrecht (1973) se bevinding van 'n negatiewe verband tussen avontuurlustigheid en skolastiese prestasie op standaard tien-vlak by intellektueel-bogemiddelde meisies. Die verklaring van die negatiewe verbande tussen prikkelbaarheid en skolastiese prestasie is, soos reeds vermeld, geleë in die kousale bydrae van doelbewustheid en flegmatisme, wat persone met 'n lae mate van dié eienskap kenmerk, terwyl 'n moontlike verklaring vir die positiewe verbande tussen avontuurlustigheid en skolastiese prestasie geleë is in die sosiale versterking van beter skolastiese prestasie, waarop persone met 'n hoë mate van avontuurlustigheid geredelik reageer. 'n Moontlike verklaring vir die weerspreking van Engelbrecht (1973) se resultate is geleë in die andersoortigheid van sy proefpersone, in vergelyking met dié wat in dié ondersoek betrek is. Die bydrae

van prikkelbaarheid en ekstraversie op skolastiese prestasie daal vanaf twee persent op standerd ses-vlak na een persent op standerd tien-vlak, met onderskeidelik twee en een persent op standerd agt-vlak.

Ten opsigte van die verband tussen gespannenheid en skolastiese prestasie op standerd ses- en agt-vlak toon die meisiegroepe konsekwent-bedeutende negatiewe verbande, of anders gestel, 'n lae mate van gespannenheid gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Dié resultate weerspreek die bevinding van Swafford (1970) en kan moontlik toegeskryf word aan 'n verhoogde bevorderende uitwerking van 'n lae mate van spanning. Dié eienskap lewer 'n bydrae van een persent tot skolastiese prestasie op dié standerdvlakke.

Wat betref die verband tussen egoswakke, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id, onbewuste (verborge), bewuste (simptomatiese) en globale angs, en skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak toon die meisiegroepe konsekwent-bedeutende negatiewe verbande teenoor 'n konsekwent-bedeutende positiewe verband tussen egosterkte en skolastiese prestasie op die standerdvlakke. Met ander woorde, 'n lae mate van egoswakke, oftewel, egosterkte, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste, bewuste en globale angs gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Dié resultate onderskryf die bevindings van Beavers (1970), Cattell et al. (1972), Cuppens (1967), Davids et al. (1968), Davis (1969), Frost (1965), Gaudry en Bradshaw (1970), Helfenbein (1970), Hummel en Sprinthall (1965), Knight (1964), Nason (1958), Philips et al. (1960), Roth en Meyersburg (1963), Sperry et al. (1958), Sutherland (1952, 1953), Swafford (1970), Tulley (1967), Walter et al. (1964) en Weiner (1971). Die verklaring van die verkreë verbande is, soos reeds vermeld, geleë in die bevorderende uitwerking van 'n lae angspeil (en die komponente van dié persoonlikheidseienskap) en die emosioneel-stabiele, volwasse, realistiese en flegmatiese geaardheid wat persone met 'n hoë mate van egosterkte kenmerk. Die bydrae van dié eienskappe tot skolastiese prestasie op dié standerdvlakke wissel tussen een en vyf persent. Slegs spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id toon konstant dieselfde bydrae tot skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke. Daarenteen toon die ander eienskappe, behalwe egoswakke en bewuste angs 'n verlaagde bydrae tot skolastiese prestasie van standerd agt- na standerd tien-vlak.

Die meisiegroepe toon deurgaans bedeutende positiewe verbande tussen selfvertroue, 'n gevoel van eiewaarde en simptome van senuweeagtigheid en skolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak. 'n Hoë mate van selfvertroue, 'n sterk gevoel van eiewaarde en die afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid gaan gepaard met beter skolastiese prestasie en bevestig die bevindings van Davis (1969), De Leon (1972), Linton (1967), McGuire (1961), Motoaki (1967), Nason (1958), en Stone en Gannung (1956). Die positiewe verband tussen selfvertroue en gevoel van eiewaarde kan moontlik die gevolg van 'n kringloopeffek tussen dié veranderlikes wees, vir sover dat beter skolastiese prestasie 'n groter mate van vertroue in werklike of vermeende vermoë om suksesvol te wees en 'n meer gunstige innerlike waardeskatting en aanvaarding van werklike of vermeende vermoëns en gebreke beter skolastiese prestasie bepaal, terwyl dié eienskappe op hulle beurt beter skolastiese prestasie predisponeer. 'n Verklaring vir die positiewe verband tussen senuweeagtigheid en skolastiese prestasie is geleë in die bevorderende uitwerking van die afwesigheid van angstige, doellose en herhalende gedrag op skolastiese prestasie. Die bydrae van dié eienskappe wissel tussen twee en vier persent tot skolastiese prestasie op standerd ses-vlak en tussen een en vier persent tot skolastiese prestasie op standerd tien-vlak, met 'n dalende bydrae ten opsigte van selfvertroue en eiewaarde en 'n stygende bydrae ten opsigte van senuweeagtigheid.

#### (b) Losstaande verbande

Die meisiegroepe toon, bo en behalwe die bovermelde konsekwent-bedeutende verbande op die onderskeie standerdvlakke, bedeutende verbande tussen ses, drie en drie van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op standerd ses-, agt- en tien-vlak.

Die meisiegroep toon bedeutende positiewe verbande tussen hartlikheid, ekstraversie, morele inslag, huislike verhoudings (gesinsinvloede) en emosionaliteit en 'n bedeutende negatiewe verband tussen passiewe individualisme en skolastiese prestasie

op standerd ses-vlak. Met ander woorde, 'n hoë mate van hartlikheid, 'n sterk morele inslag, goeie huislike verhoudings, emosionele rypheid of stabiliteit en 'n lae mate van passiewe individualisme gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Die resultate ten opsigte van die verband tussen hartlikheid en huislike verhoudings en skolastiese prestasie onderskryf die bevindings van Bresee (1957), Cattell et al. (1972), De Leon (1972), Entwistle en Cunningham (1968), Gowan (1957), Kurtz en Swenson (1951), O'Shea (1968), Peppin (1962), Sperry et al. (1958), Swafford (1970), Weiner (1971), Madge (1971) en Engelbrecht (1973) se bevindings met onderskeidelik plaaslike standerd ses- en tien-leerlinge. Daarenteen weerspreek die resultate ten opsigte van die verband tussen ekstraversie en skolastiese prestasie Brown (1969), Entwistle en Welsh (1969), Finlayson (1970) en Phelps (1957) se bevindings. 'n Moontlike verklaring vir die positiewe verbande tussen hartlikheid en ekstraversie en skolastiese prestasie is, soos reeds vermeld, geleë in die sosiale versterking van beter skolastiese prestasie, waarop persone met 'n hoë mate van hartlikheid en ekstraversie, geredelik reageer. Die verband tussen 'n sterk morele inslag en beter skolastiese prestasie is, net soos die reeds vermelde verklaring, geleë in die kousale bydrae van dié eienskap tot skolastiese prestasie. 'n Verklaring vir die positiewe verband tussen passiewe individualisme en skolastiese prestasie kan moontlik toegeskryf word aan die selfgenoegsaamheid wat persone met 'n hoë mate van passiewe individualisme kenmerk. Die verband tussen goeie huislike verhoudings en beter skolastiese prestasie is moontlik geleë in die afwesigheid van angs, prikkelbaarheid en emosionele gedrag wat gesinsamehorigheid en goeie ouer-kind-verhoudings kenmerk en beter skolastiese prestasie moontlik maak. Dié eienskappe se bydrae tot skolastiese prestasie is, behalwe morele inslag se bydrae van drie persent, deurgaans twee persent.

Wat betref die verband tussen vreesagtigheid en gebrekkige selfsentimentontwikkeling en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak toon die meisiegroep beduidende negatiewe verbande teenoor 'n positiewe verband tussen selfbeheersing en skolastiese prestasie op dié standerdvlak. 'n Lae mate van vreesagtigheid en gebrekkige selfsentimentontwikkeling en 'n hoë mate van selfbeheersing gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Dié resultate ten opsigte van die verband tussen vreesagtigheid en selfbeheersing en skolastiese prestasie onderskryf Cattell et al. (1972) se bevindings. Die verband tussen vreesagtigheid en selfbeheersing en skolastiese prestasie kan toegeskryf word aan die bevorderende uitwerking van 'n lae mate van vreesagtigheid en die bydrae van 'n hoë mate van selfbegrip en kompulsiewe gedragspatrone, wat persone met 'n hoë mate van selfbeheersing kenmerk. 'n Moontlike verklaring vir die negatiewe verband tussen gebrekkige selfsentimentontwikkeling is geleë in die oorsaaklike bydrae van sosiaal-wenslike karakterstrukture en gewoontes tot beter skolastiese prestasie. Selfbeheersing en gebrekkige selfsentimentontwikkeling dra twee persent en vreesagtigheid een persent by tot skolastiese prestasie op standerd agt-vlak.

Laastens toon die meisiegroep 'n beduidende negatiewe verband en beduidende positiewe verbande tussen agterdogtigheid, 'n gevoel van persoonlike vryheid en gesondheid en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak. Met ander woorde, 'n lae mate van agterdogtigheid, 'n sterk gevoel van persoonlike vryheid en die afwesigheid van beheptheid met die fisiese toestand gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Die positiewe verband tussen gesondheid en skolastiese prestasie is geleë in die afwesigheid van die prestasie-inhiberende invloed van 'n hipokondriese liggaamsingesteldheid. Die verband tussen 'n hoë mate van persoonlike vryheid en 'n lae mate van agterdogtigheid en skolastiese prestasie is geleë in die gelukkigheid en tevredenheid wat persone met 'n sterk gevoel van persoonlike vryheid kenmerk, terwyl die lae mate van angs wat met agterdogtigheid gepaard gaan, of deur agterdogtigheid veroorsaak word, 'n bevorderende uitwerking op skolastiese prestasie het. Die bydrae van agterdogtigheid, 'n gevoel van persoonlike vryheid en gesondheid tot skolastiese prestasie op standerd tien-vlak is onderskeidelik twee, drie en vier persent.

### 3.2 VERSKILLE TUSSEN DIE VERBANDE VAN DIE SEUNS- EN MEISIEGROEPE

#### 3.2.1 Konsekwente verskille

Uit 'n bestudering van die gegewens wat in tabelle 3.1 tot 3.4 verskaf is, blyk geen konsekwent-beduidende verskille tussen die verbande van die groepe op onderskeidelik die onderskeie standerdvlakke, standerd ses- en agt-vlak, standerd agt- en tien-vlak en standerd ses- en tien-vlak nie.

### 3.2.2 Losstaande verskille

Verder bestaan geen beduidende verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroepe op onderskeidelik standerd ses- en standerd tien-vlak nie, dog nege beduidende verskille tussen die verbande van dié groepe doen hulle voor op standerd agt-vlak.

Die seuns- en meisiegroepe toon beduidende verskille tussen die verbande ten opsigte van egosterkte, prikkelbaarheid, pligsgetrouheid, avontuurlustigheid, gespannenheid, geneigtheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste en globale angs en skolastiese prestasie. Die seunsgroep toon beduidende positiewe verbande tussen prikkelbaarheid, gespannenheid, geneigtheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste en globale angs en beduidende negatiewe verbande tussen egosterkte, pligsgetrouheid en avontuurlustigheid en skolastiese prestasie teenoor die teenoorgestelde verbande by die meisiegroep. Die resultate ten opsigte van die verskille tussen die verbande tussen globale angs, wat die komponente geneigtheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van id-druk en onbewuste angs insluit, en skolastiese prestasie van die seuns- en meisiegroepe weerspreek enersyds die bevindings van Beavers (1970), Cuppens (1967), Knight (1964) en Philips et al. (1960) van 'n hoër negatiewe verband by meisiegroepe en andersyds Madge (1971) se bevinding van 'n hoër negatiewe verband by plaaslike standerd ses-leerlinge. 'n Moontlike verklaring vir die weerspreking van die bevindings van die bovermelde ondersoekers is geleë in die andersoortigheid van die proefpersone wat in hul ondersoek betrek is in vergelyking met die proefpersone van hierdie ondersoek.

Moontlike verklarings vir die verskille tussen die verbande tussen angs (met inbegrip van die voorvermelde komponente van dié persoonlikheidseienskap) en prikkelbaarheid en skolastiese prestasie is, soos vermeld, geleë in onderskeidelik 'n verhoogde bevorderende en 'n verlaagde inhiberende uitwerking van dié eienskappe op skolastiese prestasie op standerd agt-vlak by die seunsgroepe. Net so kan die verskil ten opsigte van die verband tussen gespannenheid op skolastiese prestasie, soos reeds bespreek, toegeskryf word aan 'n verhoogde bevorderende uitwerking van 'n lae mate van gespannenheid op skolastiese prestasie op dié standerdvlak by die meisiegroep. Seuns toon oor die algemeen 'n hoër mate van angs en prikkelbaarheid as meisies op dié standerdvlak, terwyl die meisies oor die algemeen 'n laer mate van gespannenheid as seuns op dié standerdvlak toon (Roos, 1972). Die verskille tussen die verbande tussen egosterkte en avontuurlustigheid en skolastiese prestasie is, in die lig van die feit dat die slagsgroepe op dié standerdvlak oor die algemeen oor dieselfde mate van dié eienskappe beskik (Roos, 1972) moeilik verklaarbaar. 'n Moontlike verklaring is geleë in die beperkte bydrae van dié eienskappe tot skolastiese prestasie in vergelyking met die bydrae van ander eienskappe.

Behalwe prikkelbaarheid en gespannenheid ten opsigte waarvan die bydrae van dié eienskappe tot skolastiese prestasie nie verskil by die seunsgroep nie, toon die eienskappe waarvolgens verskille tussen die verbande by die seuns- en meisiegroep algemeen is, 'n hoër bydrae tot skolastiese prestasie op dié standerdvlak by die meisies as die seunsgroep.

In hierdie hoofstuk is die resultate van die korttermynverbande tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses-, agt- en tien-vlak, sowel as die verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroep, bespreek.

## HOOFSTUK 4

### BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE LANGTERMYNVERBAND TUSSEN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE

#### 4.1 VERBANDE VAN DIE SEUNS- EN MEISIEGROEPE

Die resultate word in tabelle 4.1 tot 4.4 weergegee.

Bestudering van die resultate wat in tabelle 4.1 en 4.4 weergegee is, toon dat die beduidende verbande tussen die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak, insgelyks die korttermynverbande tussen dieselfde eienskappe en skolastiese prestasie op standerd ses-, agt- en tien-vlak (par. 3.1), van 'n lae orde is.

Net soos by die korttermynverbande tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie is daar ook by dié verbande enkeles wat 'n toename toon nadat die verbande tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie, wat onafhanklik van intelligensie is, bepaal is.

##### 4.1.1 Verbande van die seuns- en meisiegroepe gesamentlik

###### (a) Konsekwente verbande

Die seuns- en meisiegroepe toon geen konsekwent-beduidende verbande tussen enige van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op die onderskeie standerdvlakke en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke nie. Dié resultate is nie, in die lig van die afwesigheid van konsekwent-beduidende korttermynverbande tussen dieselfde eienskappe en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke, verrassend nie.

###### (b) Losstaande verbande

Die seuns- en meisiegroepe toon verder geen beduidende gemeenskaplike verbande tussen enige van die gekose eienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak nie. Daarenteen toon dié groepe beduidende verbande tussen drie van die gekose eienskappe op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak.

Ten opsigte van die verband tussen prikkelbaarheid, selfhandhawing en selfvertroue op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak toon die seuns- en meisiegroepe beduidende verbande. Die seuns- en meisiegroepe toon beduidende negatiewe verbande tussen selfhandhawing en skolastiese prestasie, terwyl die seunsgroep onderskeidelik 'n beduidende positiewe en 'n beduidende negatiewe verband tussen prikkelbaarheid en selfvertroue teenoor die teenoorgestelde verbande by die meisiegroep, en skolastiese prestasie toon. 'n Lae mate van selfhandhawing gaan, by beide groepe, gepaard met beter skolastiese prestasie, terwyl onderskeidelik 'n hoë en 'n lae mate van prikkelbaarheid en selfvertroue, by die seunsgroep, teenoor die teenoorgestelde mate van dié eienskappe by die meisiegroep, met beter skolastiese prestasie gepaard gaan. Die resultate ten opsigte van die verband tussen prikkelbaarheid en skolastiese prestasie van die seunsgroep weerspreek Swafford (1970) se bevindings, terwyl die resultate van die meisiegroep Swafford se resultate onderskryf. Verder kom dié resultate ooreen met die bevindings ten opsigte van die korttermynverband tussen dié eienskap en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt-vlak (par. 3.1.1). Die resultate ten opsigte van die verband tussen selfhandhawing en selfvertroue en skolastiese prestasie van onderskeidelik die seuns- en die meisiegroep onderskryf die bevindings ten opsigte van die korttermynverband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt-vlak, by die seunsgroep, en onderskeidelik standerd ses- en tien-vlak by die meisiegroepe (par. 3.1.1 en 3.1.3). Die negatiewe verbande tussen prikkelbaarheid en skolastiese prestasie by die meisiegroep kan toegeskryf word aan die bydrae van die doelbewustheid en flegmatisme tot skolastiese prestasie wat persone met 'n lae mate van prikkelbaarheid kenmerk, terwyl die a-tipiese positiewe verband tussen dié eienskap en skolastiese prestasie by die seunsgroep, weens die prestasie-inhiberende-effek van 'n hoë mate van prikkelbaarheid, moeilik verklaarbaar is. 'n Moontlike verklaring vir dié

TABEL 4.1

KORRELASIES TUSSEN METINGS VAN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE OP STANDERD SES-VLAK EN SKOLASTIESE PRESTASIE OP STANDERD AGT-VLAK, VERSKILLE TUSSEN DIE KORRELASIES VAN SEUNS EN MEISIES EN PERSENTASIE VAN DIE VARIANSIE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE VERKLAAR DEUR DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe	Seuns			Meisies			$\bar{z}$
	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>							
Hartlikheid	-0,04 (-0,05)		0,16	0,13* (0,15*)		1,69	1,72
Egosterkte	-0,07 (-0,07)		0,49	0,09 (0,07)		0,81	1,61
Prikkelbaarheid	0,13* (0,12)		1,69	-0,22** (-0,23***)		4,84	-3,56***
Selfhandhawing	-0,15* (-0,16*)		2,25	-0,14* (-0,15*)		1,96	0,10
Entoesiasme	-0,08 (-0,09)		0,64	-0,07 (-0,07)		0,49	-0,07
Pligsgetrouheid	0,01 (0,01)		0,01	0,21** (0,22**)		4,41	2,04*
Avontuurlustigheid	-0,10 (-0,09)	177	1,00	0,16* (0,15*)	244	2,56	2,63** $\phi\phi\phi$
Sensitiwiteit	0,01 (0,01)		0,01	-0,02 (-0,01)		0,04	-0,30
Passiewe individualisme	0,05 (0,05)		0,25	-0,01 (-0,08)		0,49	-1,21
Vreesagtigheid	0,02 (0,02)		0,04	-0,09 (-0,11)		0,81	-1,11
Selfgenoegsaamheid	0,07 (0,06)		0,49	0,03 (0,01)		0,09	-0,40
Selfbeheersing	-0,06 (-0,07)		0,36	0,09 (0,09)		0,81	1,51
Gespannenheid	0,13* (0,11)		1,69	-0,11 (-0,12)		1,21	-2,42* $\phi\phi$
Ekstraversie	-0,11 (-0,11)		1,21	0,07 (0,08)		0,49	1,82
<b>Aanpassing:</b>							
Selfvertroue	0,18** (0,18**) $\phi$		3,24	-0,23*** (-0,22**) $\phi\phi$		5,29	-4,21***
Gevoel van eiewaarde	-0,03 (-0,02)		0,09	-0,23*** (-0,25***) $\phi\phi$		5,29	-2,06*** $\phi\phi\phi$
Gevoel van persoonlike vryheid	-0,08 (-0,07)		0,64	-0,19** (-0,20**) $\phi\phi$		3,61	-1,13
Gevoel van aanvaarding en erkenning	-0,08 (-0,09)		0,64	-0,25*** (-0,26***) $\phi\phi$		6,25	-1,77
Sosiale verhoudings	0,18** (0,18**) $\phi$	179	3,24	-0,07 (-0,04)	247	0,49	-2,55* $\phi\phi\phi$
Simptome van senuweeagtigheid	0,07 (0,07)		0,49	-0,21** (-0,21**) $\phi\phi$		4,41	-0,01
Morele inslag	-0,10 (-0,12)		1,00	-0,25*** (-0,28***) $\phi\phi$		6,25	-1,57
Huislike verhoudings	-0,02 (-0,01)		0,04	-0,10 (-0,12)		1,00	-0,81
Skoolverhoudings	-0,08 (-0,09)		0,64	-0,32*** (-0,30***) $\phi\phi$		10,24	-2,54* $\phi\phi\phi$
Emosionaliteit	0,03 (0,03)		0,09	-0,20** (-0,20**) $\phi\phi$		4,00	-2,35* $\phi\phi\phi$

\* $p < 0,05$ \*\* $p < 0,01$ \*\*\* $p < 0,001$ 

$\phi$  Hoewel die korrelasie positief is, is daar 'n negatiewe verband tussen dié eienskap van aanpassing en skolastiese prestasie.  
 $\phi\phi$  Hoewel die korrelasie negatief is, is daar 'n positiewe verband tussen dié eienskap van aanpassing en skolastiese prestasie.  
 $\phi\phi\phi$  Hierdie verskil tussen die korrelasies kan nie as 'n beduidende verskil beskou word nie.



TABEL 4.2

KORRELASIES TUSSEN METINGS VAN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE OP STANDERD AGT-VLAK EN SKOLASTIESE PRESTASIE OP STANDERD TIEN-VLAK, VERSKILLE TUSSEN DIE KORRELASIES VAN SEUNS EN MEISIES EN PERSENTASIE VAN DIE VARIANSIE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE VERKLAAR DEUR DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe	Seuns			Meisies			$\bar{z}$
	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>							
Hartlikheid	-0,14* (-0,16*)		1,96	0,05	(0,06)	0,25	1,93
Egosterkte	-0,11 (-0,12)		1,21	0,10	(0,10)	1,00	2,13* $\phi\phi$
Prikkelbaarheid	0,08 (0,07)		0,64	-0,05	(0,07)	0,25	-1,31
Selfhandhawing	-0,06 (-0,09)		0,36	0,02	(0,01)	0,04	0,81
Entoesiasme	-0,06 (-0,08)		0,36	0,05	(0,04)	0,25	1,11
Pligsgetrouheid	-0,01 (-0,01)		0,01	0,14*	(0,16*)	1,96	1,52
Avontuurlustigheid	-0,06 (-0,06)	178	0,36	0,08	(0,08)	247	0,64
Sensitiwiteit	-0,02 (-0,02)		0,04	-0,02	(-0,04)	0,04	0,00
Passiewe individualisme	0,01 (-0,01)		0,01	0,05	(0,04)	0,25	0,40
Vreesagtigheid	-0,01 (0,01)		0,01	0,01	(-0,01)	0,01	0,20
Selfgenoegsaamheid	0,04 (0,04)		0,16	-0,02	(-0,04)	0,04	-0,61
Selfbeheersing	-0,04 (-0,06)		0,16	0,05	(0,02)	0,25	0,91
Gespannenheid	0,10 (0,11)		1,00	-0,12	(-0,13*)	1,44	-2,23* $\phi\phi$
Ekstraversie	-0,11 (-0,12)		1,21	0,03	(0,04)	0,09	1,42
<b>Angs:</b>							
Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment	0,08 (0,04)		0,64	-0,14*	(-0,12) $\phi$	1,96	-2,21* $\phi\phi$
Swak ego, gebrek aan egosterkte	-0,09 (0,11)		0,81	-0,15*	(-0,16*) $\phi$	2,25	-0,61
Agterdogtigheid of paranoiëse gevoel van onveiligheid	0,04 (0,07)		0,16	-0,14*	(-0,20**) $\phi$	1,96	-1,81
Geneigdheid tot skuldgevoelens	0,05 (0,02)		0,25	-0,15*	(-0,20**) $\phi$	2,25	-2,01* $\phi\phi$
Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id	0,02 (0,01)	174	0,04	-0,15*	(-0,15*) $\phi$	242	2,25
Onbewuste (verborge) angs	0,05 (0,03)		0,25	-0,16*	(-0,17*) $\phi$	2,56	-2,11* $\phi\phi$
Bewuste (simptomatiese) angs	0,02 (0,01)		0,04	-0,19**	(-0,23***) $\phi$	3,61	-2,12* $\phi\phi$
Globale angs	0,03 (0,01)		0,09	-0,19**	(-0,22***) $\phi$	3,61	-2,22* $\phi\phi$

\*p &lt; 0,05

\*\*p &lt; 0,01

\*\*\*p &lt; 0,001

$\phi$  Hoewel die korrelasie negatief is, is daar 'n positiewe verband tussen dié eienskap van aanpassing en skolastiese prestasie.  
 $\phi\phi$  Hierdie verskil tussen die korrelasies kan nie as 'n betekenisvolle verskil beskou word nie.

TABEL 4.3

KORRELASIES TUSSEN METINGS VAN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE OP STANDERD SES-VLAK EN SKOLASTIESE PRESTASIE OP STANDERD TIEN-VLAK, VERSKILLE TUSSEN DIE KORRELASIES VAN SEUNS EN MEISIES EN PERSENTASIE VAN DIE VARIANSIE VAN SKOLASTIESE PRESTASIE VERKLAAR DEUR DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe	Seuns			Meisies			$\bar{z}$
	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	$r_{12.3}(r_{12})$	N	$r^2\%$	
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>							
Hartlikheid	-0,05 (-0,05)		0,25	0,10* (0,12*)		1,00	1,93
Egosterkte	-0,01 (-0,02)		0,01	0,10* (0,11*)		1,00	1,41
Prikkelbaarheid	0,03 (0,02)		0,09	-0,14** (-0,18***)		1,96	-2,19* $\phi\phi$
Selfhandhawing	-0,16** (-0,14**)		2,56	-0,02 (-0,04)		0,04	1,81
Entoesiasme	-0,05 (-0,04)		0,25	0,11* (0,10*)		1,21	2,06* $\phi\phi$
Pligsgetrouheid	0,02 (0,03)		0,04	0,06 (0,10*)		0,36	0,51
Avontuurlustigheid	-0,07 (-0,05)	309	0,49	0,15** (0,17***)	359	2,25	2,83** $\phi\phi$
Sensitiwiteit	0,03 (0,01)		0,09	-0,06 (-0,04)		0,36	-1,15
Passiewe individualisme	0,05 (0,05)		0,25	-0,12* (-0,15**)		1,44	-0,12
Vreesagtigheid	-0,02 (-0,01)		0,04	-0,08 (-0,12*)		0,64	-0,77
Selfgenoegsaamheid	0,01 (0,01)		0,01	-0,02 (-0,04)		0,04	-0,38
Selfbeheersing	0,01 (0,01)		0,01	0,08 (0,09)		0,64	0,90
Gespannenheid	0,04 (0,06)		0,16	-0,03 (-0,09)		0,09	-0,90
Ekstraversie	-0,03 (-0,07)		0,09	0,15** (0,17***)		2,25	2,32* $\phi\phi$
<b>Aanpassing:</b>							
Selfvertroue	0,10 (0,09)		1,00	-0,18*** (-0,19***) $\phi$		3,24	-3,63*** $\phi\phi$
Gevoel van eiewaarde	-0,07 (-0,08)		0,49	-0,23*** (-0,27***) $\phi$		5,29	-2,11* $\phi\phi$
Gevoel van persoonlike vryheid	-0,09 (-0,09)		0,81	-0,18*** (-0,20***) $\phi$		3,24	-1,18
Gevoel van aanvaarding en erkenning	-0,07 (-0,09)		0,49	-0,23*** (-0,27***) $\phi$		5,29	-2,11* $\phi\phi$
Sosiale verhoudings	0,08 (0,08)		0,64	-0,05 (-0,01)		0,25	-1,67
Simptome van senuweeagtigheid	-0,04 (-0,05)	309	0,16	-0,23*** (-0,26***) $\phi$	363	5,29	-2,50* $\phi\phi$
Morele inslag	-0,12* (-0,14**) $\phi$		1,44	-0,16** (-0,22***) $\phi$		2,56	-0,52
Huislike verhoudings	-0,05 (-0,07)		0,25	-0,13* (-0,17***) $\phi$		1,44	-1,04
Skoolverhoudings	-0,09 (-0,10)		0,81	-0,24*** (-0,25***) $\phi$		5,76	-1,99* $\phi\phi$
Emosionaliteit	-0,02 (-0,01)		0,04	-0,17*** (-0,19***) $\phi$		2,89	1,95

\*p &lt; 0,05

\*\*p &lt; 0,01

\*\*\*p &lt; 0,001

$\phi$  Hoewel die korrelasie negatief is, is daar 'n positiewe verband tussen dié eienskap van aanpassing en skoolastiese prestasie.

$\phi\phi$  Hierdie verskil tussen die korrelasies kan nie as 'n betekenisvolle verskil beskou word nie.

TABEL 4.4

SAMEVATTING VAN DIE LANGTERMYNVERBANDE TUSSEN SEKERE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDS=EIENSKAPPE EN SKOLASTIESE PRESTASIE, VERSKILLE TUSSEN DIE LANGTERMYNVERBANDE VAN SEUNS EN MEISIES EN DIE LANGTERMYNBYDRAE VAN DIE NIE-INTELLEKTUELE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

Nie-intellektuele persoonlikheids= eienskappe	Verbande						Bydrae						Verskille			
	St. 6-8		St. 8-10		St. 6-10		St. 6-8		St. 8-10		St. 6-10		St. 6-	St. 8-	St. 6-	
	S	M	S	M	S	M	S	M	S	M	S	M	8	10	10	
<b>Persoonlikheidstrekke:</b>																
Hartlikheid		+	-		+			1	1						1	
Egosterkte					+										1	
Prikkelbaarheid	+	-			-		1	4							1	*
Selfhandhawing	-	-			-		2	1					2			
Entoesiasme					-										1	
Pligsgetrouheid		+		+				4		1						
Avontuurlustigheid					+										2	
Sensitiwiteit																
Passiewe individualisme					-										1	
Vreesagtigheid																
Selfgenoegsaamheid																
Selfbeheersing																
Gespannenheid	+			-				1		1						
Ekstraversie					+										2	
<b>Angs:</b>																
Gegrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment		∅		-	∅			∅∅		1					∅∅	
Swak ego, gebrek aan egosterkte		∅		-	∅			∅∅		2					∅∅	
Agterdogtigheid of paranoiëse gevoel van onveiligheid		∅		-	∅			∅∅		1					∅∅	
Geneigtheid tot skuldgevoelens		∅		-	∅			∅∅		2					∅∅	
Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id		∅		-	∅			∅∅		2					∅∅	
Onbewuste (verborge) angs		∅		-	∅			∅∅		2					∅∅	
Bewuste (simptomaties) angs		∅		-	∅			∅∅		3					∅∅	
Globale angs		∅		-	∅			∅∅		3					∅∅	
<b>Aanpassing:</b>																
Selfvertroue	-	+		∅		+	3	5		∅∅				3		*
Gevoel van eiewaarde (eiewaarde)		+		∅		+		5		∅∅				5		
Gevoel van persoonlike vryheid (persoonlike vryheid)		+		∅		+		3		∅∅				3		
Gevoel van aanvaarding en erkenning		+		∅		+		6		∅∅				5		
Sosiale verhoudings, sosialiteit (algemene en spesifieke sosialiteit)	-			∅				3		∅∅						
Simptome van senuweeagtigheid (senuweeagtigheid)		+		∅		+		4		∅∅				5		
Morele inslag		+		∅		+	+	6		∅∅		1	2			
Huislike verhoudings (gesinsin= vloede)				∅		+				∅∅				1		
Skoolverhoudings (formele verhou= dinge)		+		∅		+		10		∅∅				5		
Emosionaliteit		+		∅		+		4		∅∅				2		
Selfbeheer		∅		∅		∅		∅∅		∅∅				∅∅		
Gesondheid		∅		∅		∅		∅∅		∅∅				∅∅		

∅Verbande nie bepaalbaar nie, as gevolg van die afwesigheid van metings van dié eienskap op die standerdvlak.

∅∅Bydrae nie bepaalbaar nie, weens die afwesigheid van verbande.

ooglopende teenstrydigheid is geleë in die minimale bydrae van dié eienskap, in vergelyking met dié van ander eienskappe, tot dié groep se skolastiese prestasie. Die kousale bydrae tot skolastiese prestasie van selfgenoegsaamheid, insiklikheid en onderdanigheid, wat 'n lae mate van selfhandhawing kenmerk, dien as verklarings vir die negatiewe verband van dié eienskap tot die skolastiese prestasie van dié groepe. Die positiewe verband tussen selfvertroue en skolastiese prestasie van die meisiegroep kan aan die moontlike kringloopeffek van dié eienskap op skolastiese prestasie toegeskryf word, terwyl die negatiewe verband by die seunsgroep, weens die teenstrydige verhouding van 'n lae mate van selfvertroue tot beter skolastiese prestasie, moeilik verklaarbaar is, en net so ook die verband tussen prikkelbaarheid en skolastiese prestasie aan die moontlike minimale bydrae van dié eienskap tot die seunsgroep se skolastiese prestasie, toegeskryf kan word. Selfvertroue, prikkelbaarheid en selfhandhawing dra onderskeidelik vyf, vier en een persent by tot die skolastiese prestasie van die meisiegroep, teenoor drie, een en twee persent by die seuns.

#### 4.1.2 Verbande van die seunsgroepe

##### (a) Konsekvente verbande

Bo en behalwe die reeds vermelde beduidende verbande toon die seunsgroepe konsekvent-beduidende verbande tussen een van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak en een van die gekose eienskappe op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak.

Ten opsigte van die verband tussen pligsgetrouheid op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak toon die seunsgroepe deurgaans beduidende positiewe verbande. Dié resultate onderskryf die bevindings van Butcher *et al.* (1963), Cattell *et al.* (1972), Roberts (1962) en Swafford (1970) sowel as Laubscher (1973) se bevindings met plaaslike standerd ses-leerlinge, dog weersprek die bevinding ten opsigte van die korttermynverband tussen dié eienskap en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt-vlak (par. 3.1.1). Die positiewe verband tussen pligsgetrouheid en skolastiese prestasie, dit wil sê, 'n hoë mate van pligsgetrouheid gaan gepaard met beter skolastiese prestasie, is geleë in die voor-die-hand-liggende oorsaaklike bydrae van dié eienskap tot skolastiese prestasie. Die bydrae van dié eienskap, soos gemeet op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak, tot skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak, is onderskeidelik vier en een persent.

Die seunsgroepe toon deurgaans beduidende negatiewe verbande tussen selfhandhawing op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak. 'n Lae mate van selfhandhawing op standerd ses-vlak gaan gevolglik gepaard met beter skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak. Dié bevinding kan toegeskryf word aan die reeds vermelde kousale bydrae van selfgenoegsaamheid, insiklikheid en onderdanigheid, wat persone met 'n lae mate van selfhandhawing kenmerk, tot skolastiese prestasie. Dié resultate kom ooreen met die bevindings oor die korttermynverband tussen dié eienskap en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses- en tien-vlak (par. 3.1.2). Dié eienskap, soos gemeet op standerd ses-vlak, dra deurgaans twee persent by tot skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak.

Die seunsgroepe toon, bo en behalwe die reeds vermelde konsekvent-beduidende langtermynverbande, beduidende langtermynverbande tussen drie en een van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak.

Die seunsgroep toon onderskeidelik beduidende positiewe verbande tussen gespannenheid en morele inslag en 'n beduidende negatiewe verband tussen sosiale verhoudings op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak. Met ander woorde 'n hoë mate van gespannenheid, 'n sterk morele inslag en 'n lae mate van sosiale verhoudings op standerd ses-vlak gaan gepaard met beter skolastiese prestasie op standerd agt-vlak. Dié resultate ten opsigte van die verband tussen sosiale verhoudings en skolastiese prestasie weersprek die bevindings van Bresee (1957), De Leon (1972), Gowan (1955, 1957), Kurtz en Swenson (1951), Matsunaga (1972), Shaw en Alves (1963) en Swafford (1970) sowel as Engelbrecht (1974) se bevindings met plaaslike standerd tien-

leerlinge, terwyl die resultate ten opsigte van die verband tussen gespannenheid en skolastiese prestasie Swafford (1970) en Engelbrecht (1974) se bevindings onderskryf. Daarbenewens onderskryf die resultate ten opsigte van die verband tussen gespannenheid, morele inslag en sosiale verhoudings, en skolastiese prestasie die bevindings oor die korttermynverbande tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie (par. 3.1.1 en 3.1.2). Die verklaring vir dié verbande is soos reeds vermeld, geleë in die prestasie-vergemaklikende uitwerking van spanning, die positiewe houding en gedrag onderliggend aan 'n sterk morele inslag en beter en/of meer effektiewe leesgewoontes van sosiaal-afsydige persone. Sosiale verhoudings, soos bepaal op standerd ses-vlak, dra drie persent by tot skolastiese prestasie op standerd agt-vlak, terwyl gespannenheid en morele inslag op standerd ses-vlak slegs 'n bydrae van een persent tot skolastiese prestasie op standerd agt-vlak maak.

Wat betref die verband tussen hartlikheid op standerd agt-vlak en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak toon die seunsgroep 'n beduidende negatiewe verband. Hierdie resultaat weerspreek die bevindings van Cattell et al. (1972) en Swafford (1970) dog onderskryf die bevinding oor die korttermynverband tussen dié eienskap en skolastiese prestasie (par. 3.1.2). Die verband tussen 'n lae mate van vriendelikheid en beter skolastiese prestasie kan, soos reeds vermeld, aan beter en/of meer effektiewe leesgewoontes gewyt word. Dié eienskap soos bepaal op standerd agt-vlak, dra slegs een persent by tot skolastiese prestasie op standerd tien-vlak.

#### 4.1.3 Die verbande van die meisiegroepe

##### (a) Konsekvente verbande

Die meisiegroepe toon, bo en behalwe die reeds vermelde beduidende verbande ook konsekwent-beduidende verbande tussen tien van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak.

Die meisiegroep toon deurgaans beduidende negatiewe verbande tussen prikkelbaarheid en beduidende positiewe verbande tussen hartlikheid, selfvertroue, simptome van senuweeagtigheid, morele inslag, skoolverhoudings, emosionaliteit en gevoelens van eiewaarde, persoonlike vryheid en aanvaarding en erkenning op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak. Met ander woorde, 'n lae mate van prikkelbaarheid, 'n hoë mate van hartlikheid en selfvertroue, die afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid, 'n sterk morele inslag, goeie skoolverhoudings, emosionele ryphed of stabiliteit en gunstige gevoelens van eiewaarde, persoonlike vryheid en aanvaarding en erkenning gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Dié resultate ten opsigte van die verband tussen hartlikheid, prikkelbaarheid en skoolverhoudings en skolastiese prestasie kom ooreen met die bevindings van Bresee (1957), Cattell et al. (1972), Gowan (1957), Kurtz en Swenson (1951), Lauer (1969), Matsunaga (1972), Swafford (1970), Watts (1970) en Wilson en Morrow (1963). Verder onderskryf dié resultate die bevindings van die korttermynverband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie (par. 3.1.1 en 3.1.3). Verklarings vir hierdie verbande is, soos reeds vermeld, geleë in onderskeidelik die sosiaal-versterkende bydrae van 'n hoë mate van hartlikheid, die kringloopeffek van 'n hoë mate van selfvertroue en 'n gunstige gevoel van aanvaarding en erkenning, die bevorderende uitwerking van die afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid en die positiewe houding en gedrag wat persone met 'n lae mate van prikkelbaarheid, 'n sterk morele inslag, gunstige gevoelens van eiewaarde en persoonlike vryheid, goeie skoolverhoudings en emosionele stabiliteit kenmerk. Die bydrae van dié eienskappe, soos bepaal op standerd ses-vlak tot skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak wissel tussen onderskeidelik een en tien persent en twee en vyf persent. Hartlikheid, gevoelens van eiewaarde en persoonlike vryheid lewer 'n konstante bydrae tot skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak terwyl prikkelbaarheid, selfvertroue, 'n gevoel van aanvaarding en erkenning, morele inslag, skoolverhoudings en emosionaliteit 'n laer bydrae tot skolastiese prestasie op standerd tien-vlak lewer as op standerd agt-vlak. Slegs simptome van senuweeagtigheid toon 'n stygende bydrae tot skolastiese prestasie op standerd tien-vlak van dié bydrae op standerd agt-vlak.

## (b) Losstaande verbande

Bo en behalwe die bovermelde konsekwent-beduidende langtermynverbande, toon die meisiegroepe beduidende langtermynverbande tussen ses en nege van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standaard ses- en agtvlak en skolastiese prestasie op standaard tienvlak.

Ten opsigte van die verband tussen egosterkte, avontuurlustigheid, ekstraversie en huislike verhoudings op standaard sesvlak en skolastiese prestasie op standaard agtvlak toon dié groep beduidende positiewe verbande teenoor beduidende negatiewe verbande tussen entoetiesiasme en passiewe individualisme en skolastiese prestasie op dieselfde standerdvlakke. 'n Hoë mate van egosterkte, avontuurlustigheid en ekstraversie, goeie huislike verhoudings, en 'n lae mate van entoetiesiasme en passiewe individualisme gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Die resultate ten opsigte van die verband tussen egosterkte, avontuurlustigheid, ekstraversie en huislike verhoudings en skolastiese prestasie kom ooreen met die bevindings van Bresee (1957), Cattell et al. (1972), De Leon (1972), Entwistle en Cunningham (1968), Gowan (1957), Kurtz en Swenson (1951), O'Shea (1968), Peppin (1962), Sperry et al. (1958), Swafford (1970) en Weiner (1971) en onderskryf die bevindings van Engelbrecht (1973) en Madge (1971) met plaaslike standaard ses- en tien-leerlinge. Met die uitsondering van die verband tussen entoetiesiasme en skolastiese prestasie kom dié resultate ooreen met die bevindings van die korttermynverband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie (par. 3.1.1 en 3.1.3). Die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie kan, soos reeds vermeld, toegeskryf word aan die sosiale versterking van beter skolastiese prestasie waarop persone met 'n hoë mate van avontuurlustigheid en ekstraversie reageer, die afwesigheid van angs, prikkelbaarheid en emosionele gedrag wat gesinsamerigheid en goeie ouer-kind-verhoudings kenmerk en beter skolastiese prestasie moontlik maak en die selfgenoegsaamheid, erns en vasberadenheid wat persone met 'n hoë mate van passiewe individualisme en 'n lae mate van entoetiesiasme kenmerk. Met die uitsondering van avontuurlustigheid en ekstraversie wat 'n langtermynbydrae van twee persent tot skolastiese prestasie maak, dra die ander eienskappe, soos bepaal op standaard sesvlak, een persent by tot skolastiese prestasie op standaard tienvlak.

Die meisiegroep toon laastens beduidende negatiewe verbande tussen gespannenheid, globale angs en al die gemete komponente van angs op standaard agtvlak en skolastiese prestasie op standaard tienvlak, dit wil sê, 'n lae mate van gespannenheid, gesonde selfsentimentontwikkeling, egosterkte, die afwesigheid van agterdogtigheid, ongeneentheid tot skuldgevoelens, die afwesigheid van spanning as gevolg van frustrasie of id-druk en 'n lae mate van onbewuste, bewuste en globale angs gaan gepaard met beter skolastiese prestasie. Die resultate ten opsigte van die verband tussen globale angs kom ooreen met die bevindings van Beavers (1970), Cuppens (1967), Davids et al. (1968), Davis (1969), Frost (1965), Gaudry en Bradshaw (1970), Helfenbein (1970), Knight (1964), Mahan (1971), Nason (1958), Philips et al. (1960), Roth en Meyersburg (1963), Sperry et al. (1958), Sutherland (1952, 1953), Swafford (1970), Tulley (1967), en Walter et al. (1964), sowel as Madge (1971) se bevindings met plaaslike standaard ses-leerlinge, terwyl die bevinding ten opsigte van die verband tussen gespannenheid en skolastiese prestasie Swafford (1970) se bevindings weerspreek. Daarbenewens onderskryf dié resultate die reeds vermelde bevindings ten opsigte van die korttermynverbande tussen spanning, globale angs en dié komponente van angs en skolastiese prestasie (par. 3.1.1 en 3.1.3). Die verband tussen angs (sowel as die gemete komponente van dié persoonlikheidstrek) en gespannenheid en skolastiese prestasie kan, soos reeds vermeld, toegeskryf word aan die bevorderende werking van 'n lae mate van angs en die komponente van angs en 'n moontlike verhoogde bevorderende uitwerking van 'n lae mate van gespannenheid op skolastiese prestasie. Dié eienskappe, soos bepaal op standaard agtvlak, lewer bydraes van een tot drie persent tot skolastiese prestasie op standaard tienvlak.

## 4.2 VERSKILLE TUSSEN DIE VERBANDE VAN DIE SEUNS- EN MEISIEGROEPE

### 4.2.1 Konsekwente verskille

Bestudering van die gegewens wat in tabelle 4.1 tot 4.4 verskaf is, toon geen konsekwent-beduidende verskille tussen die verbande van dié groepe op die onderskeie standerdvlakke nie.

#### 4.2.2 Losstaande verskille

Die seuns- en meisiegroep toon slegs beduidende verskille tussen die verbande ten opsigte van prikkelbaarheid en selfvertroue op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak. Die seunsgroep toon 'n beduidende positiewe en 'n beduidende negatiewe verband tussen onderskeidelik prikkelbaarheid en selfvertroue en skolastiese prestasie teenoor die teenoorgestelde verbande by die meisiegroep. Die resultate ten opsigte van die verskil tussen die verbande tussen prikkelbaarheid en skolastiese prestasie, kom ooreen met die bevinding ten opsigte van die verskil tussen die verband van dié groep ten opsigte van dié veranderlikes op standerd agt-vlak (par. 3.2). Moontlike verklarings vir die verskil tussen die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie is, in die lig van die feit dat seuns en meisies op standerd ses- en agt-vlak nie van mekaar verskil ten opsigte van prikkelbaarheid en selfvertroue nie (Roos, 1970, 1972), geleë in differensiële prestasie-bevorderende effek van dié eienskappe by seuns en meisies.

In dié hoofstuk is die resultate van die langtermynverbande tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak sowel as die verskille tussen die langtermynverbande van die seuns- en meisiegroepe bespreek.

## GEVOLGTREKKINGS

In die lig van die voorgaande bespreking van die resultate van die kort- en langtermynverbande tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie kan tot die algemene en alomvattende slotsom geraak word dat die verband tussen aanpassing, persoonlikheidstrekke, prestasie motivering en studieoriëntasie en skolastiese prestasie van 'n lae orde is. Die bydrae van dié eienskappe tot skolastiese prestasie is laag en wys die gebruikmaking van dié eienskappe op sigself, hetsy in die vorm van 'n spesifieke eienskap of 'n kombinasie van dié eienskappe, as potensieël voorspellers van skolastiese prestasie af. Op grond van dié slotsom kan die afleiding egter nie gemaak word dat dié nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe nie potensieël-prognostiese waarde het nie. Dit mag wees dat die bevindings van hierdie ondersoek 'n refleksie is op die wyse waarop die bepaling van die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie nie behoort te geskied nie, naamlik deur die beskouing van die individu in sosiale isolasie. In dié verband verklaar Lavin (1965) heeltemal tereg "... personality characteristics ... might be ... useful in predicting academic performance only when the social setting in which that performance takes place is conceptualized and used as a significant variable" (p. 111).

Ten opsigte van die spesifieke doelstellings van hierdie ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

### 5.1 DIE VERBANDE VAN DIE SEUNS- EN MEISIEGROEPE

Daar bestaan geen konsekwente kort- en langtermynverbande tussen die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe, ten opsigte waarvan kort- en langtermynverbande bepaal is, en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke vir meisies en seuns nie, oftewel, geeneen van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe, ten opsigte waarvan die kort- en langtermynbydrae tot en voorspellingswaarde vir skolastiese prestasie bepaal is, lewer konsekwent 'n lang- of korttermynbydrae tot skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke nie en kan nie as lang- of korttermynvoorspellers vir skolastiese prestasie aangewend word nie.

Weens die feit dat metings ten opsigte van dieselfde nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe nie op al die standerdvlakke bekombaar was nie, kon slegs die kort- en langtermynverbande tussen 14 persoonlikheidstrekke en skolastiese prestasie konsekwent op die onderskeie standerdvlakke bepaal word. Die kort- en langtermynverbande tussen die persoonlikheidstrekke en die subtrekke of komponente van aangs en skolastiese prestasie kon slegs op twee en een van die drie standerdvlakke bepaal word, aangesien metings van dié persoonlikheidstrekke en sy komponente slegs op standerd agt- en tien-vlak gemaak is, terwyl die kort- en langtermynverbande tussen aanpassing en skolastiese prestasie slegs op onderskeidelik twee van die drie standerdvlakke bepaal kan word, daar metings van dié persoonlikheidseienskap slegs op standerd ses- en tien-vlak beskikbaar was. Alhoewel die afwesigheid van metings van dieselfde eienskappe op die onderskeie standerdvlakke tot gevolg gehad het dat kort- en langtermynverbande nie tussen dieselfde eienskappe en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke bepaal is nie, kan dié nadeel, in die lig van bovermelde gevolgtrekking, nie as 'n leemte beskou word nie.

#### 5.1.1 Die korttermynverbande

Daar is, met die uitsondering van die verband tussen skoolverhoudings en skolastiese prestasie, op standerd ses- en tien-vlak, geen konsekwente korttermynverbande tussen die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses-, agt- en tien-vlak, standerd agt- en tien-vlak en standerd ses- en tien-vlak nie. Anders gestel, met die uitsondering van skoolverhoudings wat bydra tot skolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak en as 'n korttermynvoorspeller van skolastiese prestasie op dié standerdvlakke aangewend kan word, dra geeneen van dié eienskappe konsekwent by tot skolastiese prestasie van seuns en meisies op die onderskeie standerdvlakke nie en kan geeneen van dié eienskappe gevolglik as konsekwente korttermynvoorspellers van skolastiese prestasie aangewend word nie.



Skoolverhoudings en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd ses- en tien-vlak het 'n lae positiewe verband en dié eienskap dra minder as vyf persent by tot skolastiese prestasie van seuns en meisies op onderskeidelik standerd ses- en tien-vlak.

In die lig van die bevinding dat goeie skoolverhoudings, vanuit die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe, die hoogste bydrae tot skolastiese prestasie op standerd ses-vlak lewer, kan aanbeveel word dat meer aandag deur onderwysers en voorligters aan die verhouding van standerd ses-leerlinge tot hulle medeleerlinge en gesagsfigure in die leersituasie gewy word, ten einde te verseker dat dié leerlinge vroegtydig 'n positiewe houding teenoor onderwysers en ander leerlinge ontwikkel.

(a) 'n Gevoel van aanvaarding en erkenning en skolastiese prestasie op standerd ses-vlak en prestasie-motivering en studieoriëntasie (waarvan studiegewoontes en -houdings die basiese komponente is) en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak het lae positiewe verbande vir beide seuns en meisies op standerd ses-vlak, terwyl egosterkte, prikkelbaarheid, pligsgetrouheid, gespannenheid, angs en enkele van die komponente van angs onderskeidelik lae positiewe of negatiewe verbande met seuns en meisies se skolastiese prestasie op standerd agt-vlak het.

(1) Hoewel 'n gevoel van aanvaarding en erkenning 'n bydrae van minder as vyf persent tot skolastiese prestasie op standerd ses-vlak lewer, kan aanbeveel word dat dié eienskap van persoonlike aanpassing in die lig van die gepostuleerde kringloopwisselwerking tussen die eienskap en skolastiese prestasie bearbei word ten einde die ontwikkeling van leerlinge te stimuleer en te bevorder.

(2) Die persoonlikheidsstrekke prikkelbaarheid, gespannenheid en angs sowel as die angs-komponente geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id en onbewuste angs het onderskeidelik lae positiewe en negatiewe verbande met die skolastiese prestasie van standerd agt-seuns en -meisies, terwyl die teenoorgestelde neiging die geval is ten opsigte van die persoonlikheidsstrekke egosterkte en pligsgetrouheid. Alhoewel dié eienskappe afsonderlik nie meer as vyf persent tot skolastiese prestasie op standerd agt-vlak bydra nie, lewer dié eienskappe nogtans die hoogste bydrae tot skolastiese prestasie op dié standerdvlak en regverdig die atipiese verbande tussen skolastiese prestasie op dié standerdvlak en egosterkte, prikkelbaarheid, pligsgetrouheid en angs by seuns en gespannenheid by meisies verdere aandag. In ooreenstemming met die veronderstelde variabiliteit van die verband tussen faktore en skolastiese prestasie tussen verskillende leerlinge of groepe leerlinge, kan verdere navorsing aandag gee aan die potensieë differensieë voorspellingswaarde van dié eienskappe.

(3) Van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe lewer prestasie-motivering en studieoriëntasie die hoogste bydrae tot skolastiese prestasie en dra dié eienskappe die grootste belofte om as voorspellers van skolastiese prestasie aangewend te word. Dit moet egter as 'n leemte beskou word dat metings van dié eienskappe net op standerd tien-vlak beskikbaar was, wat tot gevolg gehad het dat slegs die korttermyn-verbande tussen die eienskappe en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak bepaal kon word. Op grond van dié bevinding kan aanbeveel word dat toekomstige navorsing aandag aan die kort- en langtermynverband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie behoort te gee. Verder kan aanbeveel word dat die verband tussen skolastiese prestasie en die twee Biografiese Vraelysvrae, op grond waarvan metings van prestasie-motivering verkry is, met ander steekproewe getoets en die voorspellingswaarde van dié vrae, vir die voorspelling van skolastiese prestasie geverifieer word.

(b) Meer van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe van meisies in vergelyking met dié van seuns het konsekwente verbande met skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke, en dié eienskappe lewer ook 'n groter bydrae tot die skolastiese prestasie van meisies as dié van seuns.

(1) Prikkelbaarheid en avontuurlustigheid het onderskeidelik konsekwent lae negatiewe en lae positiewe verbande met die skolastiese prestasie van meisies op onderskeidelik standerd ses-, agt- en tien-vlak, terwyl gespannenheid konsekwent lae negatiewe verbande met die skolastiese prestasie van dié geslagsgroep op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak het.

(2) Egosterkte, angs, sowel as 'n komponente van angs het konsekwent lae negatiewe verbande met die skolastiese prestasie van meisies op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak, teenoor konsekwent lae positiewe verbande tussen gespannenheid en die skolastiese prestasie van seuns op dieselfde standerdvlakke.

(3) Selfvertroue, 'n gevoel van eiewaarde en simptome van senuweeagtigheid het konsekwent lae positiewe verbande met die skolastiese prestasie van meisies op standerd ses- en tien-vlak, teenoor onderskeidelik konsekwent lae negatiewe en lae positiewe verbande tussen selfhandhawing en 'n gevoel van persoonlike vryheid en die skolastiese prestasie van seuns op dieselfde standerdvlakke.

#### 5.1.2 Die langtermynverbande

Daar is geen konsekwente langtermynverbande tussen die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op die onderskeie standerdvlakke en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke nie. Met ander woorde, geeneen van dié eienskappe lewer konsekwent 'n langtermynbydrae tot skolastiese prestasie en kan geeneen van dié eienskappe daarom as 'n konsekwente langtermynvoorspeller van skolastiese prestasie gebruik word nie.

(a) Met die uitsondering van die verband tussen prikkelbaarheid, selfhandhawing en selfvertroue op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak, is daar geen langtermynverbande tussen enige van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op die onderskeie standerdvlakke en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke vir beide seuns en meisies nie.

Selfhandhawing op standerd ses-vlak het 'n lae negatiewe verband met skolastiese prestasie op standerd agt-vlak vir beide seuns en meisies, terwyl prikkelbaarheid en selfvertroue op standerd ses-vlak onderskeidelik 'n lae positiewe en 'n lae negatiewe verband met seuns se skolastiese prestasie op standerd agt-vlak het, teenoor die teenoorgestelde verbande tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie van die meisies.

Hoewel die bydrae van dié eienskappe tot skolastiese prestasie individueel nie meer as vyf persent beloop nie, bied dié eienskappe die grootste belofte as langtermynvoorspellers van skolastiese prestasie vir beide seuns en meisies.

In die lig van die gepostuleerde kringloopwisselwerking tussen selfvertroue en skolastiese prestasie, kan die aanbeveling gedoen word dat meer aandag aan dié eienskap gewy behoort te word weens die prestasie-bevorderende uitwerking wat die bevordering van vertroue in werklike en vermeende vermoëns om suksesvol te wees, tot gevolg mag hê.

(b) Meer van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe van meisies, in vergelyking met dié van seuns op standerd ses-vlak het konsekwente verbande met skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak, en dié eienskappe lewer ook 'n groter bydrae tot die skolastiese prestasie van meisies as dié van seuns.

(1) Selfhandhawing en prikkelbaarheid op standerd ses-vlak het onderskeidelik lae negatiewe verbande met seuns en meisies se skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak, terwyl hartlikheid, selfvertroue, simptome van senuweeagtigheid, morele inslag, skoolverhoudings, emosionaliteit en gevoelens van eiewaarde, persoonlike vryheid en aanvaarding op standerd ses-vlak konsekwent lae positiewe verbande met meisies se skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak het.

(2) In die lig van die bydrae van selfvertroue, morele inslag, skoolverhoudings en gevoelens van eiewaarde en aanvaarding en erkenning op standerd ses-vlak tot die skolastiese prestasie van meisies op standerd agt- en tien-vlak, wat individueel meer as vyf persent bedra, kan aanbeveel word dat meer aandag aan dié prestasie-bevorderende eienskappe gewy word.

#### 5.2 VERSKILLE TUSSEN DIE VERBANDE VAN DIE SEUNS- EN MEISIEGROEPE

Met die uitsondering van die verskille tussen die kort- en langtermynverbande ten opsigte van prikkelbaarheid op onderskeidelik standerd agt- en ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak, bestaan daar geen konsekwente verskille tussen

die kort- en langtermynverbande ten opsigte van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak van seuns en meisies nie.

Seuns het konsekwent lae positiewe verbande tussen prikkelbaarheid op onderskeidelik standerd agt- en ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak teenoor konsekwent lae negatiewe verbande by meisies.

Bo en behalwe die bovermelde verskille tussen die kort- en langtermynverbande ten opsigte van prikkelbaarheid en skolastiese prestasie van seuns en meisies, is daar verskille tussen onderskeidelik die korttermynverbande ten opsigte van egosterkte, pligsgetrouheid, avontuurlustigheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste en globale angs en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt-vlak en die langtermynverband ten opsigte van selfvertroue op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak by seuns en meisies.

Seuns het lae positiewe verbande tussen geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste en globale angs en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt-vlak en negatiewe verbande ten opsigte van egosterkte, pligsgetrouheid, avontuurlustigheid en gespannenheid en skolastiese prestasie op dieselfde standerdvlak, teenoor onderskeidelik lae negatiewe en positiewe verbande by meisies.

Seuns het 'n lae negatiewe verband tussen selfvertroue op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak, terwyl 'n lae positiewe verband tussen die veranderlikes by die meisies bestaan.

## 6.1 INLEIDING

In die lig van die feit dat intellektuele faktore slegs gemiddeld 25 persent bydra tot skolastiese prestasie sowel as Cattell se vermelding dat persoonlikheidsfaktore inderdaad net soveel bydra tot skolastiese prestasie, is dit opvallend dat daar in Suid-Afrika nog min navorsing uitgevoer is om die verband tussen nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op hoërskoolvlak te bepaal.

Waar sulke navorsing wel uitgevoer is, is hoofsaaklik van die korrelasiemethode gebruik gemaak om die verband tussen spesifieke houdings, die persoonlikheidstrekke, angste en ekstraversie en studieoriëntasie en skolastiese prestasie te ondersoek. In 'n ondersoek met Talentopnamegegevens is van die kousaal-vergelykende metode gebruik gemaak om die verband tussen 'n verskeidenheid nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie van intellektueel bogemiddelde leerlinge te bepaal. Verder kan afleidings oor die verband tussen spesifieke nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie gemaak word uit 'n aantal ondersoeke wat nie eksplisiet met die bepaling van die verband tussen dié eienskappe en skolastiese prestasie gemoeid was nie.

Teen die agtergrond van die tendense ten opsigte van navorsing oor onderskeidelik die verband tussen aanpassing, persoonlikheidstrekke, prestasiemotivering en studieoriëntasie en skolastiese prestasie en verskille tussen seuns en meisies in dié verband, wat hoofsaaklik op oorsese navorsing betrekking het, is die volgende probleme geformuleer:

Wat is die verband tussen aanpassing, persoonlikheidstrekke, prestasiemotivering en studieoriëntasie en skolastiese prestasie?

Verskil seuns en meisies ten opsigte van die verband tussen dié nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie?

## 6.2 DOEL

Die doel met die ondersoek is die bepaling van die lang- en korttermynverbande tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op standaard ses-, agt- en tien-vlak en die bepaling van verskille tussen die geslagsgroepe ten opsigte van die verbande, met die oog op die beskikbaarstelling van inligting oor onderskeidelik die kort- en langtermynbydrae en potensiële voorspellingswaarde van dié eienskappe tot skolastiese prestasie en vir die kort- en langtermynvoorspelling van skolastiese prestasie.

## 6.3 METODE VAN ONDERSOEK

### 6.3.1 Ondersoeksgroepe

Uit die verteenwoordigende steekproef van standaard tien-leerlinge wat in 1969 aan die omvattende Talentopnametoetsprogram deelgeneem het, is 'n totaal van 674 leerlinge geïdentifiseer wat in gewone, provinsiale Afrikaansmediumskole in die Kaaprovinsie skoolgegaan het en ook as standaard ses-leerlinge aan die 1965-Talentopnametoetsprogram deelgeneem het. Dié 674 leerlinge is betrek by die bepaling van die korttermynverbande tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standaard ses- en tien-vlak, sowel as by die bepaling van die langtermynverband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op standaard ses-vlak en skolastiese prestasie op standaard tien-vlak.

Van die 674 leerlinge het 'n totaal van 426 ook tydens die 1967-Talentopnametoetsprogram, as lede van die verteenwoordigende steekproef, aan die omvattende toetsprogram deelgeneem. Dié 426 leerlinge is gebruik by die bepaling van die korttermynverband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op onderskeidelik standaard agt-vlak, sowel as by die bepaling van die langtermynverband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe op onderskeidelik standaard

ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak.

Ooreenkomstig die doel van die ondersoek is die ondersoekgroepe in seuns- en meisiegroepe verdeel.

### 6.3.2 Meetmiddels

Ter verkryging van metings van die veranderlikes wat in die ondersoek betrek is, is van die volgende meetmiddels gebruik gemaak:

(a) Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) wat onderskeidelik tydens die 1965-, 1967- en 1969-Talentopnametoetsprogramme op onderskeidelik die universum van standerd ses-leerlinge en die verteenwoordigende steekproewe van standerds agt- en tien-leerlinge toegepas is. Daar is deurgaans van al die eersteorde faktore (behalwe Faktor B: Intelligensie) en die tweedeorde faktor Ekstraversie gebruik gemaak.

(b) Die IPAT-Selfondersoekvraelys (IPAT-Angsskaal) wat onderskeidelik tydens die 1967- en 1969-Talentopnametoetsprogramme op die verteenwoordigende steekproewe van standerds agt- en tien-leerlinge toegepas is.

(c) Die Aanpassingsvraelys wat tydens die 1965-Talentopnametoetsprogram op die universum van standerd ses-leerlinge toegepas is.

(d) Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF) wat tydens die 1969-Talentopnametoetsprogram op die verteenwoordigende steekproef van standerd tien-leerlinge, met die uitsondering van Transvaalse leerlinge, toegepas is.

(e) Die Opname van Studiegewoontes en -houdings (OSGH) wat tydens die 1969-Talentopnametoetsprogram op die verteenwoordigende steekproef van standerd tien-leerlinge toegepas is. Daar is slegs van die drie sekondêre skale van die vraelys, te wete Studiegewoontes, -houdings en -oriëntasie, gebruik gemaak.

(f) Die Biografiese Vraelys wat in die 1969-Talentopnametoetsprogram gebruik is. Daar is slegs van twee vrae, wat op grond van Engelbrecht (1973) se resultate vermoedelik prestasie-motivering meet, gebruik gemaak.

(g) Eksamenpunte in die vorm van die gemiddelde eindeksamentotaalpunt of die gemiddelde persentasie wat die proefpersone in al hul vakke aan die einde van standerds ses-, agt- en tien behaal het.

### 6.3.3 Statistiese bewerkings

Op grond van interkorrelasies tussen die metings (roupunte) van die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe, intelligensie en skolastiese prestasie is korrelasiekoëffisiënte tussen die gekose nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie op die onderskeie standerdvlakke vir die geslagsgroepe bepaal, nadat die invloed van intelligensie (soos gemeet deur faktor B van die HSPV) deur middel van parsieële korrelasie, uitgeskakel is. Die verkreë korrelasies is volgens Fisher se metode getransformeer na z-tellings en die verskille tussen die korrelasies van die seuns- en meisiegroepe deur middel van die z-toets van verskil tussen korrelasies, bereken.

## 6.4 BEVINDINGS

Hier word slegs by wyse van opsomming 'n uiteensetting van die bevindings ten opsigte van die onderskeie spesifieke doelstellings van die ondersoek gegee:

### 6.4.1 Die verband tussen sekere nie-intellektuele persoonlikheidseienskappe en skolastiese prestasie

#### (a) Die korttermynverband

##### (1) Gemeenskaplike verbande van die seuns- en meisiegroepe

(a) Die seuns- en meisiegroepe toon slegs ten opsigte van skool- of formele

verhoudinge en skoolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak deurgaans lae positiewe verbande met skoolastiese prestasie.

(b) Ten opsigte van 'n gevoel van aanvaarding en erkenning op standerd ses-vlak, toon beide geslagsgroepe lae positiewe verbande met skoolastiese prestasie.

(c) Die seunsgroep toon lae positiewe verbande tussen prikkelbaarheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id, onbewuste en globale angs en lae negatiewe verbande tussen egosterkte en pligsgetrouheid en skoolastiese prestasie op standerd agt-vlak terwyl die meisiegroep lae verbande in die teenoorgestelde rigting toon.

(d) Ten opsigte van die verband tussen studiegewoontes, -houdings, -oriëntasie en prestasiemotivering en skoolastiese prestasie op standerd tien-vlak toon beide geslagsgroepe lae positiewe verbande.

(2) Verbande van die seunsgroepe

(a) Naas die bovermelde konsekwente verbande tussen skool- of formele verhoudinge en skoolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak toon dié groepe ook konsekwent lae positiewe verbande tussen gespannenheid en skoolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak en onderskeidelik konsekwent lae negatiewe en lae positiewe verbande tussen selfhandhawing en 'n gevoel van persoonlike vryheid en skoolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak.

(b) Wat betref die verband tussen avontuurlustigheid en skoolastiese prestasie op standerd agt-vlak toon die seunsgroep 'n lae negatiewe verband.

(c) Die seunsgroep toon lae negatiewe verbande tussen hartlikheid, ekstraversie en sosiale verhoudings en 'n lae positiewe verband tussen morele inslag en skoolastiese prestasie op standerd tien-vlak.

(3) Verbande van die meisiegroepe

(a) Dié groepe toon, naas die reeds vermelde konsekwente verbande tussen skool- of formele verhoudinge en skoolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak, ook konsekwent -

(1) lae negatiewe en positiewe verbande tussen onderskeidelik prikkelbaarheid en avontuurlustigheid en skoolastiese prestasie op standerd ses-, agt- en tien-vlak;

(2) lae negatiewe verbande tussen gespannenheid en skoolastiese prestasie op standerd ses- en agt-vlak;

(3) lae negatiewe verbande tussen egosterkte, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id, onbewuste, bewuste en globale angs op standerd agt- en tien-vlak;

(4) lae positiewe verbande tussen selfvertroue, 'n gevoel van eiewaarde en simptome van senuweeagtigheid en skoolastiese prestasie op standerd ses- en tien-vlak;

(b) Die meisiegroep toon lae positiewe verbande tussen hartlikheid, ekstraversie, morele inslag, huislike verhoudings (gesinsinvloede) en emosionaliteit en 'n lae positiewe verband tussen passiewe individualisme en skoolastiese prestasie op standerd ses-vlak.

(c) Wat betref die verband tussen vreesagtigheid en gebrekkige selfsentimentontwikkeling en skoolastiese prestasie op standerd agt-vlak toon die meisiegroep lae negatiewe verbande teenoor 'n positiewe verband tussen selfbeheersing en skoolastiese prestasie op dié standerdvlak.

(d) Die meisiegroep toon 'n lae negatiewe verband en lae positiewe verbande tussen agterdogtigheid, 'n gevoel van persoonlike vryheid en selfbeheer en skoolastiese prestasie op standerd tien-vlak.

(b) Die langtermynverband

(1) Gemeenskaplike verbande van die seuns- en meisiegroepe

Die seuns- en meisiegroepe toon negatiewe verbande tussen selfhandhawing op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak, terwyl die seunsgroep onderskeidelik 'n lae positiewe en 'n lae negatiewe verband tussen prikkelbaarheid en selfvertroue op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak toon teenoor die teenoorgestelde verbande by die meisiegroep.

(2) Verbande van die seunsgroepe

(a) Naas die reeds vermelde konsekwente verbande toon dié groepe onderskeidelik deurgaans lae positiewe verbande tussen pligsgetrouheid op onderskeidelik standerd ses- en agt-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak en deurgaans lae negatiewe verbande tussen selfhandhawing op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op onderskeidelik standerd agt- en tien-vlak.

(b) Die seunsgroep toon onderskeidelik lae positiewe verbande tussen gespannenheid en morele inslag en 'n lae negatiewe verband tussen verhoudings op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak.

(c) Wat betref die verband tussen hartlikheid op standerd agt-vlak en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak toon die seunsgroep 'n lae negatiewe verband.

(3) Verbande van die meisiegroepe

(a) Bo en behalwe die reeds vermelde konsekwente verbande tussen selfhandhawing op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak toon dié groepe, ook lae negatiewe verbande tussen prikkelbaarheid en lae positiewe verbande tussen hartlikheid, selfvertroue, simptome van senuweeagtigheid, morele inslag, skoolverhoudings, emosionaliteit en gevoelens van eiewaarde, persoonlike vryheid en aanvaarding en erkenning op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt- en tien-vlak.

(b) Ten opsigte van die verband tussen egosterkte, avontuurlustigheid, ekstra-versie en huislike verhoudings op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak toon die meisiegroep lae positiewe verbande teenoor lae negatiewe verbande tussen entoesiasme en skolastiese prestasie op dieselfde standerdvlakke.

(c) Die meisiegroep toon lae negatiewe verbande tussen gespannenheid, globale angs en al die gemete komponente van angs op standerd agt-vlak en skolastiese prestasie op standerd tien-vlak.

6.4.2 Verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroepe

(a) Verskille tussen die korttermynverbande

Die seuns- en meisiegroep toon verskille tussen die verbande ten opsigte van egosterkte, prikkelbaarheid, pligsgetrouheid, avontuurlustigheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste en globale angs en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak.

Die seunsgroep toon lae positiewe verbande tussen prikkelbaarheid, gespannenheid, geneigdheid tot skuldgevoelens, spanning as gevolg van frustrasie of id-druk, onbewuste en globale angs en lae negatiewe verbande tussen egosterkte, pligsgetrouheid en avontuurlustigheid en skolastiese prestasie, teenoor verbande in die teenoorgestelde rigting by die meisiegroep.

(b) Verskille tussen die langtermynverbande

Dié groepe toon verskille tussen die verbande ten opsigte van prikkelbaarheid en selfvertroue op standerd ses-vlak en skolastiese prestasie op standerd agt-vlak.

Die seunsgroep toon onderskeidelik 'n lae positiewe en 'n lae negatiewe verband tussen prikkelbaarheid en selfvertroue en skolastiese prestasie teenoor lae verbande in die teenoorgestelde rigting by die meisiegroep.

#### 6.5 GEVOLGTREKKINGS

In die lig van die bovermelde resultate kan tot die algemene en alomvattende slotsom geraak word dat daar 'n lae verband tussen dié nie-intellektuele persoonlikheids-eienskappe en skolastiese prestasie bestaan. Die bydrae van dié eienskappe tot skolastiese prestasie wissel tussen een en vyftien persent en wys die algemene gebruikmaking van dié eienskappe as potensieële voorspellers van skolastiese prestasie af. In die lig van Cattell se vermelding dat persoonlikheidsfaktore inderdaad net soveel bydra tot skolastiese prestasie as intellektuele faktore, mag dié eienskappe in spesifieke gevalle wel besonder prognostiese waarde hê. Verder onderskryf die bevindings die bewerkstelling van prestasie-bevorderende eienskappe by leerlinge deur ouers, onderwysers en voorligters.

Ten spyte van die reeds vermelde losstaande verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroepe, is daar nie konstant verskille tussen die verbande van die seuns- en meisiegroepe nie.



## BIBLIOGRAFIE

- 1 ACKER, M.B. The relation of achievement need, time perspective and field articulation to academic performance. Dissertation Abstracts 29, 1968: 1942.
- 2 ACKERMAN, P.L.S. Die voorspelling van matrieksukses met behulp van IK en biografiese gegewens. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1973.
- 3 BEAVERS, E.C. The effects of certain anxiety-producing techniques on achievement testing and motivation in high school geometry classes. Dissertation Abstracts International 31, 1970: 1065.
- 4 BORG, W.R. Education research: An introduction. New York, David McKay, 1965.
- 5 BRESEE, C.W. Affective factors associated with academic underachievement in high school students. Dissertation Abstracts 17, 1957: 90-91.
- 6 BROWN, G. The relationship of extraversion with two aspects of academic attainment. Durham Research Review 23, 1969: 399-409.
- 7 BUTCHER, H.J., AINSWORTH, M. and NESBITT, J.E. Personality factors and school achievement, a Comparison of British and American children. British Journal of Education Psychology 33, 1963: 276-286.
- 8 BUXTON, C.E. Evaluations of forced-choice and Likert-type tests of motivation to academic achievement. British Journal of Educational Psychology 36, 1966: 192-201.
- 9 CATTELL, R.B. The scientific analysis of personality. Harmondsworth, Penguin, 1965.
- 10 CATTELL, R.B., BARTON, K. and DIELMAN, T.E. Prediction of school achievement from motivation, personality and ability measures. Psychological Reports 30, 1972: 35-43.
- 11 CAUWELIER, I. Motivatie als predictor van studiesukses. Tijdschrift voor Psycho-Medisch-Sociaal Werk 16, 1970: 22-26.
- 12 CHILD, D. The relationship between introversion, extraversion, neuroticism and performance in school examinations. British Journal of Educational Psychology 34, 1964: 187-196.
- 13 CROOTOF, C. Bright underachievers' acceptance of self and their need for achievement. Dissertation Abstracts 24, 1963: 1965-1966.
- 14 CUPPENS, I.W. Intelligentie, motivatie en angst als determinanten van schoolprestaties in een brugklas van het voortgezet onderwijs. Een onderzoek met hantering van het begrip onderachievement. Gawein 16, 1967: 1-36.
- 15 DAVIDS, A. Psychological characteristics of high school male and female potential scientists in comparison with academic underachievers. Psychology in the Schools 3, 1966: 79-87.
- 16 DAVIDS, A., SIDMAN, J. and SILVERMAN, M. Tolerance of cognitive interference in underachievement and high achieving secondary school boys. Psychology in the Schools 5, 1968: 222-229.
- 17 DAVIS, K.E. A study of trait patterns affecting the academic performance of forty selected high school subjects in Fayette country, Kentucky. Dissertation Abstracts International 30, 1969: 1862-1863.
- 18 DE LEON, C.S. The relationship between personal-social problems and underachievement in high school. Psychological Abstracts 48, 1972: 3837.
- 19 DU TOIT, L.B.H. Die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie in die middelbare skool. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1970. (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling.)
- 20 ENGELBRECHT, S.W.B. Akademiese prestasie van intellektueel bogemiddelde leerlinge: Deel een. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1973.
- 21 ENGELBRECHT, S.W.B. Akademiese prestasie van intellektueel bogemiddelde leerlinge: Deel drie. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1974.

- 22 ENTWISTLE, N.J. Academic motivation and school attainment. Journal of Educational Psychology 38, 1968: 181-188.
- 23 ENTWISTLE, N.J. and CUNNINGHAM, S. Neuroticism and school attainment - A linear relationship? British Journal of Educational Psychology 38, 1968: 123-132.
- 24 ENTWISTLE, N.J. and WELSH, J. Correlates of school attainment at different ability levels. British Journal of Educational Psychology 39, 1969: 57-63.
- 25 FINGER, J.A. and SCHLESSER, G.E. Non-intellective predictors of academic success in school and college. School Review 73, 1965: 14-29.
- 26 FINLAYSON, D.S. A follow-up study of school achievement in relation to personality. British Journal of Educational Psychology 40, 1970: 344-349.
- 27 FRANKEL, E. A comparative study of achieving and underachieving boys of high intellectual ability. Journal of Educational Research 53, 1959: 172-180.
- 28 FROST, B.P. Intelligence, manifest anxiety and scholastic achievement. Alberta Journal of Educational Research 11, 1965: 165-175.
- 29 GAUDRY, E. and BRADSHAW, G.D. The differential effect of anxiety on performance in progressive and terminal school examinations. Educational and Psychological Measurement 22, 1970: 1-4.
- 30 GOWAN, J.C. The gifted underachiever: a problem for every one. Journal of Exceptional Children 21, 1955: 247-249.
- 31 GOWAN, J.C. Dynamics of underachievement of gifted students. Exceptional children 24, 1957: 98-101.
- 32 GUILFORD, J.P. Fundamental statistics in psychology and education. New York, McGraw-Hill, 1965.
- 33 HELFENBEIN, L.N. Differences among differentially defined types of underachievers. Dissertation Abstracts International 30, 1970: 3785-3786.
- 34 HEUBSCH, J.H. Enkele stremmende faktore in die milieu by die etiologie van die onderpresteerder en die sekondêre skool. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1972. (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif.)
- 35 HOLMGREN, B.R. A comparison of non-intellective factors in school achievement among high school juniors of superior academic ability. Dissertation Abstracts International 33, 1972: 2199-2200.
- 36 HOLTZMAN, W.H. and BROWN, W.F. Evaluating the study habits and attitudes of high school students. Journal of Educational Psychology 59, 1968: 404-409.
- 37 HUMMEL, R. and SPRINTHALL, J. Underachievement related to interests, attitudes and values. Personnel and Guidance Journal 4, 1965: 388-395.
- 38 HUNTER, M.G. An investigation of relationships between some achievement motivation variables and the performance of high school males. Dissertation Abstracts 29, 1969: 2565.
- 39 KHAN, S.B. Affective correlates of academic achievement. Journal of Educational Psychology 60, 1969: 216-221.
- 40 KNIGHT, J. Anxiety, study problems, and achievement. Personnel and Guidance Journal 43, 1964: 45-46.
- 41 KURTZ, J.J. and SWENSON, E.J. Factors related to overachievement and underachievement in school. The School Review 59, 1951: 472-480.
- 42 LACHINA, G.M. The relationship between factors of personality and academic achievement of selected groups of tenth grade students. Dissertation Abstracts International 30, 1969: 1435.
- 43 LAUBSCHER, D.B. Onderprestasie op hoërskool. Referaat gelewer tydens die twaalfde kongres van SIRSA, Pretoria, 1973.
- 44 LAUER, G.R. A comparison of attitudes of male underachievers and normal male high school students toward their teachers. Dissertation Abstracts International 30, 1969: 1469.

- 45 LAVIN, D.E. The prediction of academic performance: A theoretical analysis and review of research. New York, Russell Sage Foundation, 1965.
- 46 LEHRER, B.E. An investigation of the role of intellectual, motivational and other non-intellectual factors in the prediction of educational achievement and efficiency. Dissertation Abstracts 29, 1969: 3876.
- 47 LINTON, T.E. The CPI as a predictor of academic success. Alberta Journal of Educational Research 13, 1967: 59-64.
- 48 LUNNEBORG, C.E. EPPS patterns in the prediction of academic achievement. Journal of Counseling Psychology 14, 1967: 389-390.
- 49 LYNN, R. Two personality characteristics related to academic achievement. British Journal of Educational Psychology 29, 1959: 213-216.
- 50 MADGE, E.M. Die verband tussen angs, ekstraversie, intelligensie en skoolprestasie. Humanitas 1, 1971: 97-109.
- 51 MAHAN, S.P. The relationship between academic achievement and task specific motivation, and school anxiety. Dissertation Abstracts International 32, 1971: 246.
- 52 MATSUNAGA, A.S. A comparative study of ninth grade male underachievers and achievers on selected factors related to achievement. Dissertation Abstracts International 32, 1972: 5614.
- 53 McGAUVVRAN, M.E. A study of the relationship between attitude toward school and scholastic success at the high school and college level. Dissertation Abstracts 15, 1955: 2482-2483.
- 54 McGEE, V.E. Principles of statistics: Traditional and Bayesian. New York, Appleton-Century-Crofts, 1971.
- 55 McGUIRE, C. Dimensions of talented behavior. Educational and Psychological Measurement 21, 1961: 3-38.
- 56 MOTOAKI, H. Personal adjustment and prediction of high school achievement. Japanese Journal of Psychology 38, 1967: 202-209.
- 57 NASON, L.J. Academic achievement of gifted high school students. Los Angeles, University of Southern California Press, 1958.
- 58 NAYLOR, F.D. Personality and educational achievement. Sydney, John Wiley, 1972.
- 59 O'LEARY, M.J. The measurement and evaluation of the work habits of overachievers and underachievers to determine the relationship of these habits to achievement. Dissertation Abstracts 15, 1955: 2104-2105.
- 60 O'SHEA, A.J. Differences in certain non-academically bright junior high school male high and low achievers. Dissertation Abstracts 28, 1968: 3515.
- 61 PEPPIN, B.H. Parental understanding, parental acceptance and the self-concept of children as a function of academic over- and underachievement. Dissertation Abstracts 23, 1962: 4422-4423.
- 62 PHELPS, M.O. An analysis of certain factors associated with underachievement among high school students. Dissertation Abstracts 17, 1957: 306-307.
- 63 PHILIPS, B.N., HINDSMAN, E. and McGUIRE, C. Factors associated with anxiety and their relation to the school achievement of adolescents. Psychological Reports 7, 1960: 365-372.
- 64 ROBERTS, H.E. Factors affecting the academic underachievement of bright high school students. Journal of Educational Research 56, 1962: 175-182.
- 65 ROOS, W.L. Die 1965-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 66 ROOS, W.L. Die 1967-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.
- 67 ROOS, W.L. 'n Verkenningstudie ten opsigte van die probleem van onderprestasie op standerd ses-vlak. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1973.

- 68 ROOS, W.L. Die 1969-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1975.
- 69 ROTH, R.M. and MEYERSBURG, H.A. The non-achievement syndrome. Personnel and Guidance Journal 41, 1963: 535-540.
- 70 SHAW, M.C. and ALVES, G.J. The self-concept of bright academic underachievers. Personnel and Guidance Journal 42, 1963: 401-403.
- 71 SPENCE, J.T., UNDERWOOD, B.J., DUNCAN, C.P. and COTTON, J.W. Elementary statistics. New York, Appleton-Century-Crofts, 1968.
- 72 SPERRY, B. et al. Renunciation and denial in learning difficulties. American Journal of Orthopsychiatry 28, 1958: 98-111.
- 73 SPIES, C.J. Some non-intellectual predictors of classroom success. Dissertation Abstracts 26, 1965: 7442.
- 74 STONE, D.R. and GANNUNG, G.A. Study of scholastic achievement related to personality as measured by the MMPI. Journal of Educational Research 50, 1956: 155-156.
- 75 STRYDOM, A.E. Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 76 SUTHERLAND, B.K. The sentence-completion technique in a study of scholastic underachievement. Journal of Consulting Psychology 16, 1952: 353-358.
- 77 SUTHERLAND, B.K. Case studies of educational failure during adolescence. American Journal of Orthopsychiatry 23, 1953: 406-415.
- 78 SWAFFORD, J.O. A study of the relationship between personality and achievement in mathematics. Dissertation Abstracts International 30, 1970: 5353.
- 79 TAMANGINI, J.E. A comparative study of achievement motivation in achieving and underachieving grade school boys. Dissertation Abstracts 29, 1969: 4339.
- 80 TULLEY, J.E. An investigation of the relationship of sex and anxiety to intellectual achievement and personal characteristics of seventh grade students. Dissertation Abstracts 28, 1967: 977-978.
- 81 VAN NIEKERK, J.F. Studiegewoontes en -metodes van matriekleerlinge en eerstejaarstudente aan die universiteit - n veroelvkende studie. Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1972. (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif.)
- 82 VERHOEF, W. en ROOS, W.L. Die doel en eksperimentele opset van projek Talentopname. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
- 83 VERWEY, F.A. n Ondersoek na die moontlike verband tussen skolastiese prestasie en sekere spesifieke houdings as IK konstant gehou word. Referaat gelewer tydens die elfde kongres van SIRSA, Durban, 1972.
- 84 WALTER, D., DENZLER, L.S. and SARASON, I.G. Anxiety and intellectual performance of high school students. Child Development 35, 1964: 917-926.
- 85 WATTS, D.B. A study of social characteristics affecting certain overachieving and underachieving rural high school senior boys as compared to their urban counterparts. Dissertation Abstracts International 30, 1970: 2735-2736.
- 86 WEINER, I.B. Psychodynamic aspects of learning disability: the passive aggressive underachiever. Journal of School Psychology 9, 1971: 246-251.
- 87 WILLIAMS, J.R., DEWITT, W.P. and HURT, R.W. Ability, likability, and motivation of students as they relate to prediction of achievement. Journal of Educational Research 65, 1971: 156-158.
- 88 WILSON, R.C. and MORROW, W.R. School and career adjustment of bright high-achieving and underachieving high school boys. Journal of Genetic Psychology 23, 1963: 91-103.

Doc no 49770

Copy no 49778

RGN BIBLIOTEK	HSRC LIBRARY
------------------	-----------------

